


# Rut

## Huwelik Uit die Hemel

Louis Nel

# Huwelik
# Uit die Hemel

## 'n Reeks Oordenkinge
## oor die Verhaal van Rut

November 2019

Voorblad: Skildery deur Hughes Merle - 1876
**Ruth in the Fields**

Louis Nel

Mosbolletjie
Boeke
www.dagstukkie.co.za

# Inhoud

Voorwoord

1 Rut

2 Wanneer die Ramp Tref

3 Huweliksklokkies

4 Krisis en Uitkoms

5 Waar U Gaan….

6 Jerigo se Mure

7 Ragab die Prostituut

8 Terug in Betlehem

9 Die Oes is Ryp

10 ‘n Tweede Kans

11 Boas op die Lande

12 Hy Stel Belang in My

13 Waarom is Hy so Goed vir My?

14 Rut is Opgewonde!

15 My Losser

16 Vertroue

17 Moeilike Opdrag

18 By die Dorsvloer

19 Nag langs ‘n Hooimied

20 Transaksie by die Stadspoort

21 Huwelik uit die Hemel

# Voorwoord

Naomi word ontwrig wanneer ‘n verkriklike droogte hulle geliefde Israel tref. Wanneer haar man, Elimelek vir haar die nuus breek dat hulle moet trek, dan is dit asof daar ‘n swaar las op haar skouers kom lê. Trek beteken nie net na ‘n ander huis of dorp toe nie, maar dit beteken om te emigreer na ‘n ander land - na die land Moab. Wat sou van haar twee seuns word in daardie land? Waar sou hulle vrou kry?

En dan gebeur juis die ergste wat sy gevrees het, as hulle albei met Moabitiese meisies trou. Vir Naomi was dit die einde van die wêreld!

Maar die ergste sou nog kom. Elimelek sterf in die vreemde land nog voordat hulle kan terug trek na hulle eie land. Haar twee seuns sterf albei kort daarna, en nou sit Naomi met slegs twee heidense skoondogters en sonder enige kleinkinders om die nageslag voort te dra. Sy is in sak en as. Wat moet sy maak?

Die uitkoms kom vir Naomi uit ‘n verrassende oord - iets wat sy nooit in haar wildste drome sou verwag nie.

Louis Nel

# Rut

# Inleiding

## Oudio

'n Aangrypende liefdesverhaal speel af in die Ou Testament te midde van geweld en afvalligheid van die jong volk van God. Waarom dan nou juis hierdie verhaal? Het hierdie boek werklik 'n plek in die Bybel? Dieselfde vraag word gevra oor 'n soortgelyke boek wat geskryf is oor 'n ander vrou, Ester. Beide vroue het egter 'n verrykende invloed gehad op die geskiedenis, elkeen op haar eie manier.

Kyk ons na die ander boeke van die Ou Testament, dan sien ons dikwels boeke van groot omvang. Boeke soos Deuteronomium en Levitikus is ingewikkelde geskrifte wat moeilik lees en dikwels moeilik verstaanbaar is. Hierteenoor is Rut ‘n eenvoudige verhaaltjie wat jou aan die hart gryp, en reeds vele skrywers se verbeelding aangegryp het. Eintlik is dit ‘n romantiese

verhaal wat soos ‘n roman lees, ‘n roman wat jou dikwels tot trane dryf, want Rut s’n is ‘n baie mooi verhaal. Maar daar is een enkele sinnetjie in Rut wat die boek uiters ingewikkeld maak. In Rut 4:17 staan daar net so half terloops dat Rut se seun, Obed die voorvader van Dawid was. En skielik tref die omvang van daardie opmerking jou tussen die oë, want Jesus is mos dan ook uit hierdie selfde geslagslyn gebore! En skielik kry die boek ‘n totale nuwe betekenis, want nou is dit nie meer net maar ‘n roman nie, maar ‘n stukkie heilsgeskiedenis. Skielik lees ons in hierdie sinnetjie hoe God ‘n Moabitiese vrou, wat eintlik nie eers deel is van die Volk van God nie, insluit in Sy groot genadeplan.

Maar nou loop ek die verhaal vooruit.

Toe ons ouer mense kinders was, was daar nie sulke goed soos TV’s en rekenaars en internet nie. Ek het oopmond gesit en luister na die stories wat die oumense vertel het. Dit was een van die groot hoogtepunte in my lewe. En veral wanneer Ouma se twee broers, Oom Pieter en Oom Abe kom kuier

het, dan het ek gehang aan hulle lippe, want hulle stories was boeiend, interessant, opwindend.

In die Ou Testamentiese tye was storie-vertel nog soveel meer deel van elke kind se lewe. Daar was nie boeke nie, en daar was selfs nie eers ‘n Bybel nie. Daar was maar enkele geskrifte wat in omgang was. Selfs die Genesis-verhaal is eers tydens die ballingskap op skrif gestel. Daarom het elke Joodse pa die taak gehad om sy kinders te leer van God se handelinge. ‘n Baie gewilde manier om dit te doen, was om die verhale vir die kinders te vertel in storie-vorm. Ek kan my voorstel hoe die verhaal van Noag in elke huishouding oorvertel is, ‘n asemrowende, boeiende verhaal. En die stories van Abraham. Ja, dit was ‘n lang vervolgverhaal, maar elke perikoop was ‘n storie op sy eie. En dan is hierdie pragtige storie van Rut ook oorvertel. Elke kind het dit in detail geken, want eendag sou die taak weer vierkantig op sy skouers lê om dit vir sy eie kinders te vertel presies nes Pa dit vertel het. Dit was

belangrik dat daar niks uitgelaat word nie, want hierdie was die verhale van God.

Alhoewel die verhaal van Rut afspeel in die rigtertyd, nog voordat daar konings in Israel was, is dit eers vir die eerste keer op skrif gestel iewers tussen Salomo se regering en Esra, dus ‘n hele paar honderd jaar nadat die verhaal gebeur het. Dit is een van die dinge wat die Bybel so ‘n groot wonderwerk maak, dat die verhaal selfs na so ‘n lang tydsverloop steeds behoue gebly het tot in die kleinste detail. Dit kon slegs gebeur het deur die wonderlike werking van die Heilige Gees. Hy het nie alleen die skrywer geïnspireer om dit noukeurig neer te skryf nie, maar ook die vertellers om die verhaal noukeurig oor te vertel.

Watter boodskap wil die boek Rut aan ons oordra?

Mense lees verskillende boodskappe in hierdie pragtige boek. In Esra se tyd het die verhaal moontlik protes aangeteken teen Esra en Nehemia se sterk teenkanting teen

gemengde huwelike. Rut was ook die voorbeeld van onderlinge lojaliteit, selfs waar dit dikwels nie eers verwag word nie. Dit gaan egter ook oor die beskikking van God, hoe Hy dikwels op wonderbaarlike wyse voorsien. Dalk kan ons die hooftema in Rut se verhaal sien in die spreekwoord: **Die mens wik EN God beskik** (met die klem op **EN**). Ons sien hoe elke karakter in die verhaal sy deel doen. Naomi probeer haar bes om Rut en Boas bymekaar te kry. Rut gebruik ál haar talente om 'n groot indruk op Boas te maak. Selfs Boas speel sy rol as hy meesterlik sy kaarte reg speel om die ander aanspraakmaker op Rut te troef. Maar dwarsdeur dit alles sien ons hoe God betrokke is in die hele drama, nie met aanskoulike wonderwerke nie, maar op 'n baie subtiele manier sien ons God se hand regdeur die verhaal. Hy gebruik Boas, Hy voorsien en Hy is betrokke.

Inderdaad is God steeds nog net so betrokke in elkeen van ons se lewe vandag. Ons moet net ons oë oopmaak daarvoor en sien hoe

Hy voorsien en mense en situasies gebruik.

**Gebed:**

**Here, dankie dat U in Rut se tyd intens betrokke was, en vandag steeds ook in my lewe net so betrokke is.**

# Wanneer die Ramp Tref

# Rut 1:1-5

## Oudio

Die verhaal van Rut gaan oor brood-en-botter-sake, die harde werklikheid van die lewe waarin mense só dikwels vasgevang word in ‘n stryd om oorlewing. Werk is skaars! ‘n Kwart van ons land se mense is werkloos. Talle mense trek op soek na groener weivelde, dikwels vrugteloos. Sommige emigreer selfs, en dan gaan dit nie altyd makliker daar anderkant nie! Dikwels huil hulle om terug te kom, maar dan is dit reeds te laat. Die verhaal van Rut is een só ‘n verhaal van ‘n gesin wat moes trek omdat daar vir hulle nie meer ‘n uitkoms in hulle eie land was nie.

Die verhaal begin met groot swaarkry. ‘n Uitmergelende droogte het Juda in sy ystergreep gehad. Die landerye het nie oeste opgelewer nie, alles verskroei deur die genadelose son. Elimelek het ‘n stukkie

grond probeer bewerk, maar sonder om ‘n enkele koringkorreltjie te oes. Daar was later nie meer kos in die huis nie. Elimelek en sy vrou Naomi was twee baie bekommerde mense, want die land van melk en heuning waarheen Moses hulle destyds gelei het, gee vir hulle nie meer daardie asemrowende druiwetrosse wat Josua en Kaleb-hulle daar aangedra het nie. Die wêreld het verander in ‘n dor woestyn! Hierdie gesin staar nou letterlik die dood in die oë, en hulle weet nie meer watter kant toe nie.

Dan neem Elimelek ‘n baie drastiese besluit. Nadat hy vir dae lank gesit en tob het oor die saak, roep hy sy gesin bymekaar. “Ons gaan trek!”

“En waarheen nogal?” wil Naomi weet. Die praatjies van die vrouens het haar laat verstaan dat hierdie droogte landwyd is, regdeur die hele Juda. Wat help dit om een droogte vir ‘n ander droogte te verruil?

Dan laat Elimelek die bom bars: “Moab! Ek het gehoor dat dit beter gaan in die land van

die Moabiete."

Naomi se hart gaan staan amper. Sy slaan haar hande voor haar mond. "Nee! Nee Elimelek, ons kan mos nie! Die Moabiete is ons vyande. Hulle het oorlog gemaak teen ons!"

Maar haar man het klaar besluit, hulle emigreer! Baie ver weg, na die land Moab, 'n heidense land aan die anderkant van die Dooie See.

Maglon en Kiljon, hulle twee seuns is opgewonde. Dis 'n splinternuwe avontuur wat op hulle wag, weg van die alledaagse ou rompslomp van Juda. En weg van die vaal ou Joodse meisietjies. Al die jong manne praat mos van die beeldskone meisies van Moab! "Wanneer trek ons, Pa?"

En so pak Elimelek al sy besittings in Betlehem op en neem sy vrou Naomi en sy twee seuns na die onbekende. Hulle steek die droë bedding van die Jordaanrivier oor en verlaat die Beloofde Land, die land wat God

hulle gegee het, om ‘n heenkome te vind waar daar kos is.

Die gesin is opgewonde om ‘n nuwe lewe aan te pak waar hulle van voor af kan begin. Maar Naomi het die hele tyd ‘n beklemming om haar hart. Sy voel skuldig om haar land en haar familie agter te laat, en nou moet sy tussen ‘n klomp heidene gaan bly. En haar seuns? Wat gaan van hulle word? Maar as Elimelek eers ‘n ding in sy kop gekry het…. Sy sug swaar.

Dinge begin nie lekker vir Naomi in die nuwe land nie. Sy sukkel om met die ander vrouens te kommunikeer. Nie alleen is almal afsydig teenoor haar omdat sy ‘n vreemdeling is nie, maar die taal is ‘n reuse struikelblok. Maar haar groot bekommernis is eintlik oor haar man. Vandat hulle hier aangekom het, is hy nie lekker nie. Sy sien hoe hy dag-vir-dag agteruitgaan, letterlik wegkwyn. Later kan hy gladnie meer werk nie. Hy sit net heeldag so voor hom en uitstaar. Gelukkig het die twee seuns sommer dadelik ingeskakel, en dit was nie

lank nie, toe is hulle opgeneem in die Moabitiese weermag. Met hulle loon kon hulle darem die pot aan die kook hou.

Op ‘n dag tref ‘n groot ramp die gesin. Pa Elimelek se gesondheid neem ‘n drastiese wending, en hy sterf. Hy laat vir Naomi met haar twee seuns alleen agter in die vreemde. ‘n Bedroefde Naomi het daar nie eers haar vriende of familie om haar te troos nie. Maar daar is ‘n ander, baie groter swaard wat oor haar kop hang - haar seuns. Maglon se naam beteken “swak” en Kiljon beteken “gedaan”. Gaan hierdie twee seuns nie dalk dieselfde pad as hulle pa loop nie? En waar gaan hulle vrouens kry? Sy hoop tog nie hulle raak verlief op hierdie beeldskone heidense meisies nie!

Dikwels loop die lewe draaie met ons wat vir ons bitter moeilik is. Naomi het beslis op ‘n laagtepunt in haar lewe beland.

Paulus en Habakuk het ons geleer dat jy selfs in die donkerste put steeds borrelende blydskap kan beleef. Die groot geheim is om

jou blydskap in die Here te soek!

Sal Naomi ooit weer haar blydskap kan vind? Kom ons volg hierdie verhaal en vind uit.

**Gebed:**

**Here, so dikwels beland ek ook in die put van angs en desperaatheid. Gee my asseblief ‘n borrelende blydskap in U deur al my omstandighede.**

# Huweliksklokkies

# Rut 1:1-5

## Oudio

Een aand kom die twee seuns baie opgewonde by Naomi aan. “Ma, ek het groot nuus! Ek het die meisie van my drome ontmoet! Haar naam is Orpa, en ek wil haar as my vrou vat, Ma!”

Naomi weet nie of sy moet huil of bly wees saam met haar seun nie. Dis dan ‘n heidense meisie! Naomi is verslae. Hoe kan Maglon dit aan haar doen? Sy het hom dan so mooi probeer leer. Is daar nie genoeg meisies in Juda nie? En wat van haar geloof? Hierdie meisies aanbid mos ander gode! Dwarsdeur die nag huil Naomi. Heelnag lank worstel sy met God, sonder om ‘n antwoord te kry.

Die volgende dag probeer sy sin in haar seun se kop inpraat, maar sy kom baie gou agter dat haar pleidooie op dowe ore val. Al wat dit doen, is om haar van haar seun te vervreem, en dit kan sy beslis nie bekostig nie. Sy sal

dit net eenvoudig moet probeer aanvaar en daarmee saamleef.

‘n Paar dae later bring Maglon vir Orpa by die huis aan. Sommer dadelik sien Naomi waarom haar seun so beenaf is op hierdie meisiekind. Die twee vrouens vind mekaar baie gou, en daar kom ‘n hegte vriendskapsband tussen hulle. Nie lank daarna nie, kom die heuglike dag toe Maglon en Orpa afhaak en trou. Orpa mag dalk ‘n heidense meisie wees, maar sy kruip baie gou diep in Naomi se hart in.

Dit was ook nie ‘n ewigheid nie, of ook Kiljon kom die middag stralend by die huis aan. En sommer dadelik weet Naomi dat haar tweede seun sy droomvrou ontmoet het. Hy het die skoot sommer baie hoog deur gehad. Hierdie keer is dit makliker vir Naomi, want sy het toe al geleer dat mense wat anders is as sy, nie noodwendig slegte nuus is nie. Die meisie se naam is Rut, verneem sy van ‘n blosende Kiljon. En natúúrlik is sy beeldskoon, die héél mooiste meisie in die ganse Moab!

Hierdie slag is Naomi opgewonde om die nuwe liefde in haar seun se lewe te ontmoet, en sy word beslis nie teleurgestel nie. Rut het ‘n warm, innemende persoonlikheid, en van die eerste oomblik af is die twee sommer hegte vriendinne.

Vandag kan ek en jy uit hierdie verhaal leer dat ons mekaar maar kan aanvaar ten spyte van groot verskille. Om die waarheid te sê, het Jesus ons geleer dat ons op niemand durf neerkyk nie! Hy het die ondenklike gedoen deur met ‘n Samaritaanse vrou ‘n geselsie aan te knoop. Hy het selfs partytjie gehou saam met die gehate tollenaars en hulle ongure vriende. Is ek dan beter as Hy?

Ek het grootgeword in die “Ou Suid-Afrika” waar ek en my maats geleer is dat ons nie met mense wat anders is as ons mag meng nie. En dit het baie verder gegaan as net dat ek as blanke Afrikaner moet neerkyk op die Swartmense. Ook ander volke was taboe. Portugese was vreemdelinge met wie jy skaars gepraat het. Nie eers gepraat van Sjinese nie, en nog erger, Indiërs! En

Engelse! Hulle was die groot vyand! As kind het ek my egter nie veel daaraan gesteur nie, en ek het ‘n Poolse maatjie gehad. In die middae na skool het ek en my Swazi maatjies heerlik saam kaal geswem in die plaasdam, as die grootmense ons nie kon sien nie. Ons het saam gespeel, gekuier en ons was groot maats.

Ongelukkig het druk van die jare se politiek en selfs die kerk alles later verander.

Kiljon laat ook nie gras onder sy voete groei nie, en kort voor lank staan die tweetjies voor die kansel en beloof ewige trou aan mekaar. Nou ja, daardie jare het dit dalk nie hééltemal só gewerk nie, maar by wyse van spreke!

Ten spyte daarvan dat die twee vrouens heidene was, was dit ‘n gelukkige gesin bymekaar, en het die lewe weer vir Naomi begin sin maak.

Maar hierdie “geluk” kon nie vir ewig duur nie. En weldra kom Naomi agter dat daar iets verkeerd is met haar oudste seun. ‘n Swaar

beklemming gryp haar aan die hart, want Maglon lyk “af”. Nes sy pa destyds, lyk hy nie lekker nie. Waarom het sy hom tog daardie tyd met sy geboorte hierdie verskriklike naam gegee? Hy was van dag een af knieserig en hy het onophoudelik gehuil, toe noem sy hom “die sieklike”. Het sy ‘n verdoemenis op hom geplaas?

En dan, tien jaar na daardie dag toe hulle hulle geliefde Israel verlaat het, tref die tweede groot ramp vir Naomi. Haar geliefde seun Maglon, die sieklike doen sy naam gestand. Hy sterf na ‘n uitmergelende siekbed. Hierdie vreemde land het tot dusver vir Naomi net droefheid beteken. Hartverskeurend huil Naomi en Orpa op mekaar se skouers oor hierdie verkriklike verlies. Maglon en Orpa het nog nie eers begin met ‘n gesin nie. Skaars het hulle huweliksbootjie begin vaar, of dit word gekelder deur ‘n verskriklike storm.

Maar die situasie sou nog véél erger raak! More lees ons DV verder……….

**Gebed:**

**Here, ek bely dat ek in my lewe so neergesien het op ander wat "minderwaardig" is. Ek probeer vandag so hard, maar soms is ek steeds hoogmoedig. Vergewe my asseblief daarvoor, en gee my nederigheid in my hart.**

# Krisis en Uitkoms

# Rut 1:5-10

## Oudio

Droefheid het deel geword van Naomi se lewe. Met groot droefheid in haar hart, moes sy haar vaderland, Juda verlaat en verruil vir die heidense Moab. Toe sterf haar anker in die lewe, Elimelek. Skaars is haar seun Maglon getroud, of ook hy sterf.

Nog steeds was dit nie die einde van al Naomi se droefheid en ellende nie. Kort na Maglon se droewige dood, breek die einde ook vir Kiljon (die gedane) se kortstondige lewe aan. Daar was ‘n geveg met hulle buurland. Omdat Kiljon nie ‘n Moabiet was nie, moes hy in die voorste linie veg. Hy is noodlottig gewond. En vir die tweede keer in ‘n baie kort tydjie huil Naomi en haar liewe skoondogters hartverskeurend op mekaar se skouers.

Met ’n skok besef Naomi dat sy nou nie alleen meer met ‘n groot droefheid sit nie,

maar sy het ‘n reuse krisis op hande. Hier is skielik drie weduwees saam in een huis - ‘n ramp! As weduwee het hulle geen status gehad nie, en nog minder die vooruitsig van enige inkomste of oorlewing. Die verdere ramp was dat haar man, Elimelek, nou geen nageslag het nie. En boonop is sy ‘n vreemdeling in ‘n heidense land. Wat gaan van haar word? Die twee meisies kan dalk weer trou, maar sy sit met ‘n reuse krisis op hande.

Kan jy jouself dalk vereenselwig met hierdie verskriklike situasie? Inderdaad was ek sélf al daar, waar dit gelyk het asof daar géén uitkoms is nie, die einde van die pad. Jy was waarskynlik óók al die een of ander tyd in jou lewe in so ‘n situasie.

Maar gelukkig is dit nie waar die verhaal van Rut eindig nie, dit is eintlik waar die regte verhaal begin. As Naomi se krisis ook jou krisis is, kan jy gerus maar verder lees, want soos wat die verhaal ontvou, sien ons dat Naomi se krisis verander word in ‘n geleentheid wat baie, baie verder reik as net

die enkele hoofkarakter in die verhaal. Waar God betrokke is in jou lewe, kan ‘n situasie wat vir ons na ‘n ramp lyk, dikwels ‘n geleentheid word vir God om iets totaal nuut in ons lewe te begin. Ek kan getuig daarvan, want in my eie lewe het daar die ramp van ‘n bankrotskap gekom. Dit het egter die ruimte geskep waar die Here my die geleentheid gegee het om in Sy diens te kan staan. Waar my werk dikwels vir my ‘n pyniging was, is dit nou elke oomblik vir my ‘n vreugde, want ek kry die geleentheid om ‘n verskil te maak in mense se lewens.

Naomi het deur krisis op krisis gegaan, maar sy het besluit dat sy nie sou gaan lê nie. Daar was een hoop in haar lewe waaraan sy steeds krampagtig bly vasklou het, haar onwrikbare geloof in God. Ja, sy sou nog harde bene kou op die pad vorentoe, maar daar was hoop, en daardie hoop het haar aangespoor om aan te hou. Vir jou is daar ook dieselfde hoop. Byt vas! God is getrou!

Net wanneer dinge op hulle héél ergste is, kom daar vir Naomi ‘n stukkie goeie nuus. Sy

kry die berig dat die Here ‘n uitkoms gegee het in haar vaderland, Juda. Dit het goed gereën en daar was ‘n goeie oes. Dit laat weer ‘n sprankie hoop in haar opvlam. Dalk kon sy teruggaan na Juda toe. Daar bly al haar vriende en familie mos.  Wie weet, net miskien sal daar vir haar ‘n uitkoms in Juda wees. Daar kan dit mos net beter wees as hier in die heidense land met sy afgode. Hier is niks meer vir haar oor nie. Sy het nou wel hierdie twee wonderlike skoondogters wat haar onvoorwaardelik liefhet, en haar so mooi versorg. Maar buiten hulle het sy absoluut niks hier nie. En boonop staar die drie van hulle saam ‘n groot ramp in die gesig, want hulle ou geldjies is vinnig besig om op te raak. En daar is niemand wat vir hulle kan voorsien nie!

Hier sien ons hoe nou verweef Goddelike beskikking en menslike handeling met mekaar is. God voorsien daar ver in Juda, maar om die vrug te pluk van God se voorsiening, moet Naomi nie alleen ‘n besluit maak nie, maar sy moet iets daadwerklik

doen. Sy moet daardie voorsiening van die Here gaan opeis. Dikwels voorsien Hy ook in my eie lewe, maar terselfdertyd vra Hy van my om aktief iets te doen om Sy voorsiening of seën op te eis. Ons kan nie maar net bakhande staan en ontvang nie, daar word van ons ‘n aksie gevra.

Maar één ding het Naomi nie in gedagte gehou nie: haar twee skoondogters. Rut en Orpa was saam met haar in hierdie ellende gedompel, en hulle was albei nog steeds lojaal aan hulle skoonma.

Naomi besef egter dat albei nog bloedjong meisies is. Al is hulle weduwees, is hulle nog in die fleur van hulle lewens. Boonop is albei beeldskone meisies en uiters hubaar. Hulle moet maar agterbly en weer hulle flikkers gooi vir die manne van Moab. Hulle sal wél albei baie vinnig opgeraap word.

Naomi neem finaal die besluit om terug te trek na Juda. Maar dan kom daar ‘n splinternuwe probleem: haar twee skondogters dring daarop aan om saam te

gaan. Hoe Naomi ookal verduidelik dat hulle hier weer kan trou en dat sy hulle absoluut niks meer kan bied nie, hulle byt vas en sê dat hulle haar nie in die steek sal laat nie. Hulle trek saam!

**Gebed:**

**Here, so dikwels in my lewe het ek al gesien hoe U uitkoms gee wanneer dinge vir my op die donkerste is. Dankie Here, dankie dat U voorsien!**

# Waar U Gaan….

Rut 1:9-19

## Oudio

Naomi sit met ‘n groot dilemma. Sy besef maar ál te goed dat haar twee skoondogters lojaal is aan haar, en dat hulle haar graag wil versorg. Maar sy kan dit nie aan hulle doen, om hulle saam met haar te sleep na wat vir hulle ‘n vreemde land is, met ‘n baie vreemde kultuur en ‘n vreemde God nie.

Naomi probeer met allerhande soorte argumente om Rut en Orpa van hulle plan te laat afsien om saam met haar te trek. Sy verduidelik vir hulle dat hulle albei nog goeie mans kan losslaan vir hulleself hier in Moab. Maar hoe harder sy probeer, hoe droewiger huil hulle. Dis naderhand ‘n tranedal soos hulle kerm: “Ma, ons wil saamgaan na Ma se volk toe!”

“Maar wat gaan dit help,” probeer sy weer. “Al trou ek weer, ek is te oud om weer seuns in die wêreld te bring, as julle dalk gedink het

julle kan weer met my seuns trou! En boonop, julle sou nooit as te nimmer kon wag totdat hulle groot genoeg is dat julle hulle as mans kon vat nie! Toe, gaan nou terug!” Eintlik was dit ‘n lagwekkende prentjie wat Naomi vir hulle probeer skilder het, maar dit het net mooi niks gehelp nie. Hoe harder sy probeer het, hoe meer halsstarrig het hulle bly vasklou aan die gedagte om saam te gaan.

Naomi was moedeloos! Sy kon die hopeloosheid van die situasie sien, maar hulle wou géén rede verstaan nie!

Dan speel Naomi haar troefkaart. Sy begin om haarself aan hulle te beskryf as ‘n ongeluksvoël, as iemand wat maar altyd aan die kortste end trek. “Die Here het teen my gedraai.....” verklaar sy.

En dan maak Orpa uiteindelik ‘n logiese keuse: sy sal omdraai. Vir haar sou dit net moeilikheid beteken as sy saam met Naomi gaan. As Moabitiese meisie sou sy nooit aanvaar word deur die Israeliete nie. In Juda

sou daar vir haar niks wees nie. Dit is ‘n groot tranedal as hulle groet, en dan draai Orpa (haar naam beteken “weerstrewige”) vir goed haar rug op Naomi en die moontlikheid om dalk deel te kon word van die Volk van God. Sy gaan terug na haar mense ….. en haar gode!

Maar Rut (haar naam beteken “vriendin”) hou voet by stuk: “**Moet my tog nie dwing om van u af weg te gaan en om om te draai nie, want waar u gaan, sal ek gaan; waar u bly, sal ek bly; u volk is my volk; u God is my God; waar u sterf, sal ek sterf en daar sal ek begrawe word. Ek lê 'n eed af voor die Here: net die dood sal ons skei.**”

Mooi woorde! Maar hierdie is nie maar hol beloftes nie. Rut bedoel elke woord wat sy sê. Sy het genoeg tyd gehad om die saak deeglik te deurdink. En selfs wanneer Orpa koue voete kry en terugdraai, dan huiwer Rut nie vir ‘n enkele oomblik nie.

Rut besef baie deeglik wat die moontlike gevolge van haar aksie kan wees. Sy weet

dat sy verwerping in die gesig staar, verwerping van die dikwels genadelose Israeliete wat nie buitelanders kan verdra nie. Israeliete wat haar beslis gaan uitsluit uit hulle hegte vriendekring. Sy besef baie duidelik dat daar vir haar baie groot swaarkry voorlê, want alhoewel die oeste in Juda goed is, is daar géén waarborg dat sy as Moabitiese meisie óóit daarby sal kan baatvind nie. Sy besef dat sy haarself sal moet gaan bewys om deel te kan word van hierdie nuwe volk. En boonop besef sy dat sy haar godsdiens waarmee sy grootgeword het, sal moet prysgee. Sy moet 'n totale nuwe Godsdiens, wat vir haar totaal vreemd is aanneem.

Sy verklaar haarself bereid tot al hierdie dinge, en om te bewys hoe ernstig sy daaroor voel, bevestig sy dit met 'n eed. Daarmee is die saak afgehandel, en die twee desperate vroue val in die lang pad na Betlehem in Juda.

En so begin die merkwaardige verhaal van Rut. Tot dusver was dit Naomi se verhaal,

maar van hier af verder skuif sy op die agtergrond. Rut se verklaring: “Waar u gaan, sal ek gaan…..” eggo deur die eeue as sekerlik die bekendste uitspraak óóit deur enige vrou!

Terloops, dit is ook merkwaardig dat in ‘n tyd waar slegs manne gehoor is en saakgemaak het, hier ‘n verhaal afspeel wat uitsluitlik oor ‘n paar vroue gaan. Eenvoudige vroue, weduwees met géén status, wat besluite gemaak het wat die ganse loop van die geskiedenis beïnvloed het. Rut was ‘n heiden, ‘n Moabitiese meisie, maar haar besluit het gelei tot die geboorte van die grootste koning óóit in die geskiedenis van Israel, Dawid. Maar nog meer, sy was ‘n baie belangrike skakel in die geslagsregister van Jesus.

Beskou jy jouself dalk as ‘n “niemand”? Soos Rut? Wees verseker dat jy baie, baie belangrik is vir God. Hy het jou met ‘n baie spesiale doel op aarde geplaas, en Hy wil elkeen van ons graag gebruik. Maar net soos die geval van Rut, moet jy jouself bereid stel

om vir die Here te doen wat Hy wil. Wees gewillig om in Sy diens te staan, en Hy sal jou gebruik op Sy manier. Rut het géén idee gehad waar die Here haar sou gebruik nie, maar sy was gewillig. Stel jouself tot Sy beskikking!

**Gebed:**

**Here, ek is bereid om te gaan waar U my stuur. Ek is bereid om te doen wat U wil. Gebruik my asseblief, Here!**

# Jerigo se Mure

# Rut 1:19-20

## Oudio

So vertrek Naomi en Rut op hulle lang reis na Betlehem in Judea. Naomi is opgewonde, want na tien jaar van eensaamheid en verwerping, is sy weer op pad huistoe. Sy loop en sing al die pad, en haar hart maak bokspringe van pure opgewondenheid. Rut, aan die ander kant, loop met gemengde gevoelens. Sy laat al haar familie agter, haar ouers, susters, vriende. Ja, ook haar gode waarmee sy grootgeword het. Jy kan mos nie sommer net so die gode wat jy al die jare aanbid het, vaarwel toeroep nie? Dit is van babatyd af diep in haar wese ingebrand, soos ‘n tatoeëermerk. Hoe gaan sy daarvan ontslae raak? Maar daar is nie omdraaikans nie, want sy het klaar haar woord vir haar skoonma gegee: “U land is my land en u God is my God….”

Maar aan die ander kant lê daar vir haar ‘n

splinternuwe avontuur voor. Daar is ‘n nuwe, onbekende land waarvan sy nog maar net gehoor het, ‘n land met nuwe mense en ‘n kultuur wat baie vreemd is. Sy oefen hard om aan hierdie nuwe idee van God gewoond te raak, maar sy is opgewonde, want Naomi het haar met soveel entoesiasme vertel van die God van Israel, die God van wonders. Die verhale wat Naomi vertel, slaan haar asem skoon weg. Met verbasing moet sy hoor dat hulle dieselfde voorvader het, Abraham!

Naomi vertel ook van die groot leier Moses, wat die ganse volk van meer as drie miljoen mense uit Egipte van slawerny bevry het. En van die asemrowende wonderwerk toe die Egiptenare die volk soos rotte vasgekeer het teen die Rietsee. Naomi se God het net eenvoudig die see voor hulle oopgekloof sodat hulle kon deurvlug. Toe die Egiptenare hulle volg, maak God weer die see toe en versuip ál die Farao se soldate!

Die pad is baie lank, en vir dae aaneen stap die twee vroue noordwaarts, bergop, bergaf oor byna onbegaanbare terrein. Dankie tóg

vir die donkie wat hulle besittings dra! Maar die lang pad gee vir Naomi hope tyd om vir Rut alles omtrent haar God te vertel. Van die dag toe die volk so byna-byna vir God van aangesig tot aangesig ontmoet het by die Sinaï-berg. Tog só jammer dat Oupa-hulle so beangs was, dat hulle God nie wou sien nie! En sy vertel van die water uit die rots en die manna en kwartels. Rut se mond hang skaamteloos oop van pure verwondering.

Wanneer die twee uiteindelik wes draai en die steil afdraende afsukkel na die Jordaanrivier, vertel Naomi vir Rut van die dag toe die volk voor hierdie einste rivier te staan gekom het. Dit was ondeurgaanbaar, want dit was in vol vloed. En toe stap die priesters met die Verbondsark tot by die water. Die oomblik toe hulle voete die water raak, droog die siedende watermassa op, en die volk kon droogvoets deurstap.

Rut snak na haar asem. Hoe is dit óóit moontlik? Hierdie God moet ‘n almagtige God wees!

Dit gaan maar sukkel-sukkel om deur die Jordaan te kom, en dit kos baie mooipraat met die steeks donkie om hom deur die water te kry. En die rivier is nie eers in vloed nie! Rut kan haar indink hoe dit daardie dag moes gelyk het. Oorkant die rivier, stap hulle verby die bouvalle van ‘n stad. Rut kan duidelik sien dat hierdie eens ‘n welvarende stad moes gewees het. “Jerigo,” verduidelik Naomi. “Ons het maar net rondom die hoë mure van die stad geloop, sewe dae agtermekaar. Op die sewende dag het die ganse stad se mure voor ons oë verkrummel en inmekaar gesak. Ons manne het net eenvoudig oor die rommel geklim en die stad ingeneem sonder enige teenstand. Ons God het ons die stad gegee sonder dat ons eers daarvoor geveg het!”

Nou is Rut finaal oortuig. Hier is die tasbare bewys voor haar! Hierdie God sal sy met hart en siel en verstand aanbid! Hy is só anders as die gode waaraan sy gewoond is. Sy het gedurig in vrees geleef vir haar gode, maar hierdie God van Naomi is liefdevol en Hy gee

om vir Sy volk. Sy wil ook deel wees van hierdie volk!

Jy sal my sekerlik nie verkwalik dat ek so ‘n ietsie meer skryf as wat in die Bybel gemeld word nie. Die Bybel beskryf Rut en Naomi se verhaal in enkele sinne. Maar ek is seker dat dit baie waarskynlik is dat iets soos wat ek beskryf moes gebeur het, want hoe anders sou Rut tot geloof in hierdie wonderlike God kon kom?

Sékerlik sou Naomi vir Rut moes vertel van haar God, want Rut het immers klaar besluit dat hierdie God ook háár God sou wees.

Die vraag is of ek en jy entoesiasties is oor ons Here? Ja, natuurlik sing ons met entoesiasme vir Hom in die kerk. Maar is ons bereid om ook entoesiasties oor Hom te gesels buite die kerk? By ons werk, in ons vriendekring, terwyl ons staan en braai? Maak Hy jou waarlik opgewonde?

Ek daag jou uit: wys jou opgewondenheid oor die Here teenoor ander mense. Begin met

medegelowiges, en wanneer jy meer vertroue het, ook teenoor die wêreld daar buite.

**Gebed:**

**Here, ek is baie opgewonde oor U. Ek kan nie oor U uitgepraat raak nie! Gee my asseblief die moed om ook my opgewondenheid uit te leef daar buite!**

# Ragab die Prostituut

# Josua 2

## Oudio

Die twee vroue het lank gesukkel om die donkie deur die rivier gesleep te kry, met die gevolg dat die son al laag gehang het agter die hoë berge wat voor hulle uittroon. Hulle besluit om net daar in die beskutting van die oorblyfsels van Jerigo kamp te maak vir die nag. Rut verwonder haar aan die oorblyfsels van die stad. As sy die rommel wat van die mure oorgebly het, aanskou, dan kan sy haar indink hoe groot en sterk en verskriklik hoog die mure moes wees. Al die manjifieke mure is platgevee, asof 'n reuse hand dit net eenvoudig van die aarde af wou wegvee. Alles buiten een enkele stukkie van die muur wat ongeskonde die lug uittroon.

"Ek wonder darem oor daardie stukkie muur. Hoekom het dit nie ook geval nie?"

Naomi lag: "O dit? Dis Ragab se huis! Sy was 'n prostituut! Aangetroude familie van

my, nogal. Maar dis ‘n baie lang storie. Ek vertel jou anderdag!”

Nou is Rut baie nuuskierig. “Asseblieftog Naomi! Vertel my nou terwyl ons hier is.”

“Nou goed dan. Toe die groot leier Josua die volk tot by die Jordaan bring, besluit hy om twee spioene die land in te stuur om behoorlik te kon beplan vir hulle inval van Jerigo. Die twee manne sluip toe die stad binne, en hulle besluit om die nag daar te gaan oorslaap. Al plek wat veilig was, was die huis van die prostituut, Ragab.”

“Dit klink vir my ‘n bietjie verdag!”

“Nee, dis nie wat jy dink nie! Hulle wou net onder die nuuskierige oë van die soldate uitkom. Maar die soldate het snuf in die neus gekry en toe gaan soek hulle die twee. Ons God moes sékerlik maar met Ragab gepraat het, want toe besluit sy om die twee spioene weg te steek vir die soldate. Op haar dak het sy ‘n hoop vlas gehad wat sy besig was om te droog. Sy laat hulle toe onder die vlas

wegkruip totdat die soldate weg was. En so is hulle gered van ‘n gewisse dood.”

“Wonderlike storie! Wat het toe van hulle geword?”

“Die twee manne was só dankbaar dat hulle haar belowe het dat hulle haar en haar familie se lewens sou spaar wanneer hulle die stad kom inneem. Ragab se huis was in die stadsmuur. Al wat sy moes doen, was om ‘n rooi doek uit haar venster te hang wanneer hulle aanval. Sy het hulle twee daardie nag met ‘n mandjie aan ‘n tou deur haar venster buite die muur laat afsak om te ontsnap.”

“En is sy toe gered? Het hulle hulle belofte gehou?”

“Natuurlik, Rut! Daardie dag toe die mure van die stad intuimel, het nét die stukkie muur met Rut se huis staande gebly. Al die Israeliete het die rooi doek in haar venster sien wapper. Haar hele familie is gered, en hulle was die enigste oorlewendes in die hele stad!”

"O, wat 'n mooi verhaal! Maar wat het van haar geword, Naomi? Is sy ooit deur die mense aanvaar?"

"O ja! Sy het later met 'n Israeliet getrou, en hulle was só 'n gelukkige paartjie. Sy naam is Salmon, en hulle het 'n seuntjie gekry en hom Boas genoem. Hy is nou al 'n volwasse man, 'n baie mooi man! En welvarend! Hy het sommer vooruit geboer, en hy het baie grond gekoop. Waarlik 'n man wat sag op die oog val! Boonop is ons so verlangs familie, jy sal hom nog sékerlik ontmoet."

Hulle kampvuurtjie brand laag, en die twee vrouens besluit om maar in te kruip vir die nag. Maar slaap ontwyk vir Rut. In die maanlig sien sy Ragab se toring afgeëts teen die helder hemelruim. Sy wonder oor daardie Boas waarvan Naomi haar vertel het. Sy het nooit gesê of hy getroud is nie. "Sag op die oog," het Naomi hom beskryf. Sy glimlag. Sy mag maar droom!

Maar daar is ander dinge wat aan Rut knaag. Hoe gaan die mense haar aanvaar? Gaan

hulle haar goedgunstig wees? Gaan hulle haar ooit toelaat om deel van die volk te word? Hulle het vir Ragab die prostituut ontvang. Maar sy? Sy is ‘n Moabiet, en hulle en Israel is mos al jare lank vyande!

En toe, vir die eerste keer besluit Rut om tot hierdie God van Naomi en van Israel te bid. As Hy groot en magtig genoeg was om hierdie asemrowende wonderwerke te doen, dan is Hy sékerlik in staat om háár te help! En as Hy vir Ragab, ‘n prostituut kon plekmaak in hierdie volk se harte, dan kan Hy sékerlik ook vir háár, Rut, die Moabiet plek maak in die harte van hierdie vreemde volk!

Die verhaal van Ragab vra van my en jou om ook ander mense wat anders as ons is, ten volle te aanvaar in liefde. Waarom is dit dikwels so moeilik vir ons? Uiteindelik is Rut dan ook aanvaar, en beide Rut die Moabiet en Ragab die Kanaänietiese prostituut is opgeteken in die geslagsregister van Jesus, volledig en volkome deur God aanvaar!

Kom ons doen vandag dieselfde, en vergeet van ons verskille.

**Gebed:**

**Here, ek moet vandag bely dat ek nog dikwels op mense neersien omdat hulle anders is as ek. Ek besef deeglik dat dit eintlik liefdeloosheid is, en ek vra om vergifnis. Lei my asseblief om mense onvoorwaardelik te aanvaar.**

# Terug in Betlehem

# Rut 1:19-22

## Oudio

Die verhaal van Ragab sou om meer as een rede in Rut se gemoed bly draal vir die res van haar lewe. Na ‘n nag wat die twee vroue langs die bouval van Jerigo deurgebring het, wag daar nou ‘n splinternuwe uitdaging op hulle. Die laaste skof van hulle reis na Betlehem het aangebreek, en nou kyk Rut met groot kommer na die silhoeët van berge wat hier voor haar uittroon in die oggendskemering. Vaal, dor klippe is al wat sy sien. “Moet ons rêrag hier op?” vra sy haar skoonma.

Naomi knik haar kop: “Hoe gouer ons in die pad val, hoe beter, voordat die son te geniepsig brand!”

Wanneer die son oorkant die Jordaan sy hittige kop oor die berge uitsteek, is die twee al goed op dreef teen die steiltes uit. Rut voel hoe haar longe al begin brand van die steil

klim. As die son sy piek bereik, sak die twee neer in die skadu van ‘n groot rots. Die son het hulle al genadeloos gelooi, en nêrens het Rut eers ‘n ou sweempie van ‘n groenigheid gesien nie. Onherbergsame wêreld! Dankbaar sluk sy van die louwarm water uit die leersak op die esel se rug. “Ons is darem al halfpad na bo,” troos Naomi. Sy het die afgelope dae soveel meer respek gekry vir hierdie skoondogter van haar!

Teen laatmiddag bereik hulle die kruin van die berge. Voor hulle verrys die indrukwekkende stad, Jerusalem. Rut vergaap haar aan die majestueuse mure van die pragtige stad wat gloei in die laatmiddagson. Teen die hange van die steilte wat afloop na die stad, is ‘n klein dorpie en ‘n lowergroen tuin van olyfbome. Naomi besef baie gou dat hulle nie Betlehem voor donker gaan bereik nie, en dan besluit hulle om vir hulle ‘n plekkie onder die olyfbome te gaan soek om die nag deur te bring.

Rut is half teleurgesteld dat dit nou nóg ‘n

dag gaan neem voor sy haar nuwe tuiste sien. Maar dit is met groot genot dat sy haar neervlei onder ‘n eeu-eoue olyfboom. Sy is nog méér teleurgesteld om van Naomi te verneem dat hierdie mooie stad nie aan die volk behoort nie. “Ons kon nog nooit die stad verower nie,” verduidelik sy. “Hierdie mure is te hoog en te sterk vir énige weermag. Dit sal ‘n baie slim en sterk koning kos om dit te verower.”

“Maar is Israel se koning nie slim genoeg nie?”

“Nee Rut!” lag Naomi. “Ons volk het nie ‘n koning nie!”

“Nou verstaan ek gladnie, Naomi?”

“Ons het nie ‘n koning nodig nie, want ons God regeer ons. Ja, ons het wel rigters wat die volk leiding gee, maar anders as ál die ander volke, het ons nie ‘n koning nie.”

Met eerste lig, is Rut op en gereed om te gaan. Sy kan nou nie meer wág om in Betlehem te kom nie. Nog voordat die son té

hoog sit, sien hulle die gehuggie, Betlehem tussen die randjies genestel. Nou raak Rut baie haastig, maar terselfdertyd knaag ‘n bol senuwees op haar maag. Gaan die mense van Betlehem haar ooit aanvaar?

“Is dit nie Naomi wat daar aangestap kom nie?”

“Dis onmiskenbaar sy! Naomi is terug! Naomi is terug!”

“Maar wie is die vreemde meisie daar saam met haar? En waar is Elimelek dan?”

Die blydskap is baie groot om hulle vriendin en familielid weer na soveel jare in die vreemde by hulle te hê. Dit lag en huil, dit soen, omhels en babbel deurmekaar. En vir eers word Rut totaal geïgnoreer. Dan vra iemand die vraag: “En wie is dit hierdie saam met jou? Stel jy ons nie voor nie?”

“Dis Rut, my skoondogter. Sy is ‘n Moabitiese meisie.”

‘n Ongemaklike stilte sak toe oor die groepie

vroue. Niemand weet mooi hoe om hierdie situasie te hanteer nie. Sy is dan ‘n Moabiet! Die vyand!

Wat vir Naomi (haar naam beteken “aangename”) ‘n heerlike herontmoeting moes wees, is nou glad nie so aangenaam nie. Haar skoondogter kry maar ‘n kil ontvangs. Sy weet boonop al te goed dat dit nie die einde van haar ellende is nie. Sy besef baie deeglik dat daar vir haar en Rut nog ‘n baie moeilike pad voorlê. “Moenie my meer Naomi noem nie. Noem my liewer Mara – Bitterheid,” sê sy vir haar vriendinne. Vir Naomi is God se beskikking nog steeds onverstaanbaar. Maar een ding weet sy, dat God nie maar daar ver is nie, maar dat Hy persoonlik besig is in haar lewe. Inderdaad is God nog gladnie klaar met Naomi nie, en beslis ook nie met Rut nie! Boonop voer sy sélf ook ‘n paar planne in die mou! Vir ‘n begin sien sy onmiddellik raak dat die garsoes so pas aangebreek het. En sy het begin dink........

Net so is God beslis ook nie klaar met jou en

my nie, en ons durf ook nie gaan stilsit en spreekwoordelik God’s water oor God’s akker laat loop nie. Vra na God se wil vir jou. Wees dan kreatief, en doen iets daadwerklik!

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie hartroerende verhaal van Rut, en vir die wonderlike lewenslesse wat ek hieruit kan leer.**

# Die Oes is Ryp

# Rut 2:1-2

## <u>Oudio</u>

Toe Naomi en haar skoondogter naby Betlehem aangestap kom, het haar hart vinniger geklop, sommer so ‘n bokspring gegee. Nee, dit was nie omdat sy uiteindelik weer by die huis was nie, maar wat sy daar in die veld gesien het, het haar baie opgewonde gemaak.

Daardie aand langs Jerigo se omgevalle mure, het sy hard gebid vir leiding van die Here. Toe sy vir Rut vertel het van Ragab, het daar skielik ‘n gedagte by haar begin posvat. Daardie seun van Ragab, Boas – as sy net iets met hom uitgewerk kan kry. Hy is dalk nét miskien die antwoord op al hulle probleme. As hy nou net nie intussen weer gaan staan en trou het nie!

En toe hulle naby Betlehem kom, sien Naomi skielik die landerye. Die oeste het ryp gestaan, en die boere het so pas begin om

die oes af te haal. Dit sou beteken dat daar vir haar en Rut die vooruitsig van kos op die tafel is. Die wet sê mos dat die manne wat oes, nie die are wat val mag optel nie. Dit moet daar laat lê word vir die weduwees en armes om te kom optel, sodat hulle ook op hierdie manier kan deel in die oes. Daar is sommer klaar ‘n huppel in Naomi se stap, en sy glimlag vir Rut. “Die Here het vir ons voorsien!”

Rut verstaan nie baie mooi waaroor Naomi se opgewondenheid skielik gaan nie, en dan moet sy verduidelik van die voorskrifte wat Moses destyds gemaak het, sodat die weduwees kon oorleef. “Beteken dit dan dat ek vir ons kan gaan are optel sodat ons kos in die huis kan hê?” Rut het nooit eers gedink daaraan dat hulle iets sal moet doen om te oorleef nie.

Naomi se huisie wat sy agtergelaat het toe sy en Elimeleg destyds Moab toe is, staan steeds vir haar en wag, en sy en Rut trek in. Natuurlik is die bure baie bly om weer vir Naomi daar te hê, en aan hulle gasvryheid is

daar géén tekort nie. Almal kom help om hulle huis weer leefbaar te kry, en van oral dra mense kos aan.

Vir ‘n week of twee gaan alles baie goed, maar dan begin die kosvoorraad opdroog. Naomi besef maar al te goed dat hulle vinnig sal moet planmaak, anders gaan hulle twee beslis nie oorleef nie. Rut bied aan om are te gaan optel in die lande waar hulle besig is om te oes, maar Naomi is bang dat sy weggewys sal word omdat sy ‘n Moabiet is. Alhoewel almal baie innemend is teenoor Naomi, staan hulle maar bitter afsydig teenoor Rut, hulle kan haar maar net nie aanvaar nie.

“Kan ek gaan are optel, asseblief Ma?” pleit Rut een aand by haar skoonma, toe daar nog net ‘n klein handjievol meel oorgebly het. Half teësinnig stem sy uiteindelik in. Sy ken haar volkie, en sy weet maar ál te goed dat hulle nie vreemdelinge duld nie. Maar dalk is daar iewers iemand met ‘n sagte hart.

Baie vroeg die volgende môre is Rut op. Sy

is opgewonde, want sy het uitgevind dat sy ook haar deeltjie kan doen om hulle twee te laat oorleef. Met ‘n huppel in haar stappie en ‘n lied in die hart draf-stap sy hoopvol uit Betlehem na die landerye. Daar tref sy die werkers al klaar aan, besig met hulle sekels om die geil gerwe graan af te sny. Haar oog vang die enkele are wat per ongeluk op die grond val, en dan sien sy dat dit presies ook net so is soos wat haar skoonma haar vertel het. Die manne buk nie om die verlore graan op te tel nie, dit word net so laat lê.

Gretig stap sy nader, maar dan tref die antagonisme van die Jode haar. Die manne maak allerhande ongemaklike aanmerkings oor haar, en die vrouens wat agter die snyers aanloop om are op te tel, is haar baie vyandiggesind. “Wat soek jy hier?” wil hulle weet. “Hier is nie plek vir heidene nie!”

Rut wil nog probeer verduidelik dat sy ook nou die God van Israel aanbid, maar hulle wil nie eers luister nie. Dit staan lewensgroot oor haar geskryf: “Hierdie is ‘n Moabiet!”

Rut is in trane wanneer sy laatmiddag by Naomi aankom, sonder ‘n enkele graankorreltjie om te wys vir haar dag se werk. By hóéveel landerye was sy aan, maar by elke plek is dit presies dieselfde storie. ‘n Moabiet is hier beslis nie welkom nie! Rut en Naomi is moedeloos!

Hoe lyk ons gasvryheid? “Maar natúúrlik is ek gasvry!” Ons gasvryheid strek egter gewoonlik so ver as ons familie en vriende, of dalk selfs ‘n vreemdeling, solank hy darem nie te veel van my verskil nie. As iemand egter anders as ek is, dan raak ek baie kriewelrig!

Wie is almal welkom in my kerk? As ‘n boemelaar daar instap met klere wat lanklaas seep en water gesien het, word hy dikwels baie gou die deur gewys! Dan is ons beslis nie gasvry nie!

Jesus het niemand verwerp nie, nie eers die gehate Samaritane en tollenaars nie. Hy verwag dieselfde van jou en my. Ware gasvryheid is een van die moeilikste maniere

om ware liefde uit te leef.

**Gebed:**

**Here, ek staan diep skuldig voor U, want so dikwels is ek liefdeloos en leef ek nie ware gasvryheid uit nie. Maak my waarlik gasvry asseblief.**

# ‘n Tweede Kans

# Rut 2:1-3

## <u>Oudio</u>

Rut was in trane toe sy die aand onverrigtersake by die huis aankom. Sy was moedeloos, want by elke land waar sy gekom het, het sy ‘n bloutjie geloop. Sy het geweet dat dit moeilik sou gaan, maar só erg het sy dit darem nooit verwag nie! Boonop moes sy nog deurloop onder die vlymskerp tonge van die Joodse vroue. Naomi het diep seergekry oor haar arme skoondogter. Sy verdien dit beslis nie!

Maar Naomi het nie hierheen gekom om sommer net tou op te gooi nie. Stadig begin daar ‘n gedagte in haar kop vorm. “Boas!” dink sy hardop, “Boas is ‘n goeie man!”

Rut het ‘n groot vraagteken op haar gesig as sy die glimlag om Naomi se mondhoeke sien speel. “Jy moet na Boas se landerye gaan, Rut. Hy sal jou nie wegjaag nie, ek is seker dat jy nie daar verneder sal word nie!”

Dan vertel Naomi vir Rut van haar verlangse familielid, Boas. “Eintlik is hy familie van jou oorlede skoonpa, Elimeleg. Jy onthou mos die storie wat ek jou vertel het van die prostituut Ragab? Na Jerigo se val, is sy getroud met ‘n man met die naam Salmon. Hy was ‘n neef van Elimeleg. Boas is hulle seun, dus is hy naby familie van my omdat ek met Elimeleg getroud was. En natuurlik was jy met Elimeleg se seun getroud, dus maak dit jou ook outomaties familie van hom, al is jy ‘n Moabiet.” Rut sukkel om te begryp, want die Israeliete se familieuitleg kan bitter ingewikkeld raak, maar sy berus haar daarin dat sy en Boas familie is.

Boas is ‘n baie vermoënde man met groot landerye. Hy was nog al die jare bekend as iemand wat nie skaam was vir harde werk nie. Hy het selfs saam met sy arbeiders op die lande gaan werk. “Foeitog,” dink Naomi hardop, “die arme man! Hy kan maar nie oor die dood van sy vrou destyds kom nie.”

Met groot huiwering stap Rut die volgende oggend na die landerye toe. Die huppel is nie

meer in haar stap nie - sy is bang! Sy het die vorige dag so ‘n lelike stel afgetrap op elke liewe landery waar sy gaan probeer het. Almal verwerp haar! Sê nou net sy word weer so verneder? Sy word yskoud as sy dink aan die kyke wat die manne haar gegee het, so asof sy ‘n slegte vrou is! Rut stap ‘n wye draai om die landerye waar sy die vorige dag so ‘n lelike bloutjie geloop het. Sy kies koers in die rigting wat Skoonma verduidelik het. Op ‘n afstand kan sy hoor hoe daar gegiggel en gelag word, en sy kan sommer aanvoel dat sy die onderwerp van die een of ander vulgêre grap is. Dit maak seer, bitter seer. Wat het sy gedoen om dit te verdien?

Wanneer Rut by Boas se graanlande aankom, klop haar hart in haar keel. Sy weet nie mooi wat om te verwag nie. Haar verstand sê vir haar om nou hier om te draai en weg te hardloop solank daar nog tyd is. Maar haar hart sê: “Byt vas!” Sy stap bewerig nader. ‘n Snyer kyk vir ‘n oomblik om na haar, maar dan gaan hy weer aan met sy werk, verdiep in sy oeswerk.

Eenkant staan ‘n man wat lyk asof hy in beheer is van die werkers. Haar knieë voel lam as sy na hom toe stap: “Meneer, mag ek maar are optel?”

Die man glimlag vriendelik vir haar: “Natuurlik! Kies maar vir jou ‘n plekkie waar daar nog nie ander weduwees besig is om op te tel nie.”

Huiwerig kies Rut koers na ‘n oop kol waar niemand are optel nie. Sy sorg dat sy ver wegbly van die ander vroue af, en dat haar kopdoek laag oor haar oë hang, net vir ingeval iemand haar dalk kan herken. Sy is verbaas hoe roekeloos die snyers are laat val het. Daar is oorgenoeg vir haar om bymekaar te maak.

Laat daardie middag, nadat die snyers hulle sekels vir die dag opgepak het, hardloop ‘n moeë Rut so vinnig as wat haar bene haar kan dra terug na haar skoonma. In ‘n sakkie het sy genoeg graan om ten minste vir ‘n week vir die twee van hulle van brood te voorsien. Sy hoor nie eers die snedige

aanmerking wanneer sy by ander vroue verby hardloop nie. Sy is borrelend gelukkig, want uiteindelik is sy ook deur iemand aanvaar as ‘n mens. Sy kan nie help om te wonder waarom die mense wat vir Boas werk dan so anders is as die ander Israeliete nie. Hulle lyk sommer gelukkig in hulle werk, en deurentyd hoor jy hoe die manne vrolik liedjies sing terwyl hulle oes. Het dit dalk iets met hulle baas te doen?

As jy ‘n werkgewer is, hoe lyk die gemoedstoestand van die mense wat vir jou werk? Is hulle werklik gelukkig, en geniet hulle dit om vir jou te werk? Is jy die “baas” of is jy een van hulle? Onthou, die liefdesopdrag wat Jesus gegee het eindig nie by my familie en vriende nie. Dit gaan baie verder, ook na my werknemers en selfs vreemdelinge.

Liefde en nederigheid gaan boonop hand-aan-hand. Om nederig te wees, beteken onder meer dat ek myself nie eers sal verhef bo my werknemers nie. Onthou, Jesus het selfs Sy dissipels se vuil voete gewas!

**Gebed:**

**Here, help my om U liefde uit te straal, ook in my werkplek, sodat almal wat saam met my werk U liefde sal ondervind.**

# Boas op die Lande

# Rut 2:4-7

## Oudio

Kort na hanekraai is Rut op en aan die gang. ‘n Handjievol van die gars wat sy gister opgetel het in Boas se landerye word sorgvuldig gemaal tot ‘n fyn meel. Sy is versigtig om net genoeg te gebruik sodat Naomi ‘n garsbroodjie kan bak vir hulle twee. Om die gars te maal is harde werk, maar sy is dit al gewoond, sy doen dit reeds sedert sy ‘n klein dogtertjie was.

Wanneer sy klaar is, stap sy vinnig af na die graanland waar sy die vorige dag oorblyfsels opgetel het. Dit is ‘n lang ent se stap, maar die huppel is vanmôre weer terug in haar stappie, en daar is ‘n lied in haar hart. Die lewe het beslis betekenis. Sy begin nou te verstaan waarvan Naomi gepraat het toe sy haar vertel het van God, dat Hy voorsien en dat Hy goed is. Hy is so anders as die dooie gode wat sy al die jare aanbid het. Kyk nou

net hoe het Hy voorsien in hulle behoeftes. Net toe hulle kos begin opraak, gee God vir haar iemand wat haar as vreemdeling goedgesind is. Sy is so oorweldig deur die vriendelikheid van die werkers op Boas se land, dat sy al skoon vergeet het van die vorige dag se vernedering.

By Boas se graanland aangekom, daag die eerste snyers net mooi op. Sy word vriendelik gegroet. Sy kan maar net nie help om op te let dat die mense wat hier werk so anders is as die ander nie. Dit lyk asof almal hier werksbevrediging het. Hulle werk nie maar net om geld te verdien nie, maar hulle geniet dit om hier te werk.

Die voorman beduie vir Rut dat sy maar kan inval agter die snyers. Dit is harde werk van buk en hier ‘n paar are optel en dáár, en die son brand genadeloos. Maar Rut voel dit skaars, want in haar hart jubel dit. Sy kan uiteindelik ook haar deel doen vir haar en Naomi se onderhoud.

Later die oggend kom daar ‘n man

aangestap uit Betlehem se rigting. As Rut opkyk, sien sy hom raak. Hy is goed geklee, nie soos die gewone werkers nie, maar soos iemand wat goed daaraan toe is. Wanneer hy by die landerye aankom, word hy baie beleefd en opgewonde gegroet deur al die snyers. Hy stap deur die graanland en gaan hier en daar gesels en skerts met die snywers. Rut kan sommer dadelik sien dat hierdie iemand is wat baie gewild is onder die werkers. Eers wanneer hy 'n ieder en elk op die lande gegroet het, stap hy na die voorman en gaan voer 'n diep gesprek met hom. “Dit kan seker maar net Boas wees,” dink Rut. “Ek sou beslis nie omgee om vir só 'n baas te werk nie. Kyk net hoe vriendelik is hy teenoor sy werkers!”

Boas het dadelik die vreemde meisie op sy graanland opgemerk. “Wie is daardie meisie?” wil hy van die voorman weet.

“'n Moabitiese weduwee.” sê die voorman huiwerig. Hy is nie seker hoe sy baas daarop sou reageer dat hy 'n heidense meisie toelaat om are op te tel nie. Dan voeg hy

vinnig by: “Sy het saam met Naomi van Moab af gekom.” Dan vertel hy vir Boas dat hierdie meisie die vorige dag hier opgedaag het, en dat sy al van vroeg oggend af op die land is om oorblyfsels op te tel. Hy het haar maar toestemming gegee om agter die snyers aan te loop, want hy kon dit nie oor sy hart kry om haar weg te wys toe sy kom vra het of sy kan are optel nie. Die arme meisie het so bang en verbouereerd gelyk. “Dis maar swaar vir ‘n Moabiet om hier by ons aanvaar te word. Ons volkie is mos nie maklike mense nie.” probeer hy sy toestemming regverdig.

“Ja, my ou vriend,” lag Boas. “Jy maak asof jy so ‘n vreeslike streng toesighouer is, maar jy het maar ‘n ou sagte hartjie in jou. Natúúrlik het jy reg gedoen! Ek verkwalik jou gladnie.”

Naomi - ja, hy het gehoor dat Naomi terug is en dat haar Moabitiese skoondogter saamgekom het. Hy was so bekommerd oor Naomi toe hy verneem het van Elimeleg en sy twee seuns se tragiese dood daar in die

vreemde. Wat sou tog van haar word? Hy is bly dat sy terug is, maar hy is bekommerd oor haar, want nou het sy nie eers kinders wat na haar as weduwee kan omsien nie.

Maar wat Boas nie kan kleinkry nie, is hierdie skoondogter van haar wat saamgekom het uit Moab. Wat sou maak dat ‘n aantreklike jong meisie soos Rut sou saamkom met Naomi? Sy is nou wel ‘n weduwee, maar sy is nog uiters hubaar, en hy is seker daarvan dat die manne van Moab hulle voortande sou gee vir so ‘n mooi vrou! Daar is mos niks vir haar in Israel nie? Sy moet baie lief wees vir haar skoonma om so ‘n groot opoffering te maak. “Sê vir die manne dat hulle haar moet uitlos!” waarsku hy die voorman, “Ek ken die manne, en ek weet dat hulle nie respek het vir iemand wat nie ‘n Israeliet is nie. As hulle haar pla is daar moeilikheid!”

Deernis is een van die eienskappe van ‘n gelowige se lewe wat Jesus duidelik kom demonstreer het. Dit is ‘n integrale deel van liefde. Deernis is om om te gee wanneer iemand swaarkry, maar dit mag nie slegs by

‘n gevoel bly nie. Dit móét oorgaan in die praktiese daad van liefde bewys.

**Gebed:**

**Here, gee asseblief vir my ‘n ware hart van omgee en deernis, en gee my die ywer om dit prakties uit te leef.**

# Hy Stel Belang in My

# Rut 2:5-13

## Oudio

Boas staan ingedagte en kyk hoe die jong Moabitiese meisie ywerig buk om are op te tel. Hy brand om met haar ‘n gesprek aan te knoop, maar hy is half skrikkerig oor wat sy manne gaan dink. Sy is immers ‘n Moabiet, ‘n heiden, en hy is ‘n gesiene en natuurlik ordentlike Joodse man!

Dan besluit Boas dat die meisie se welstand belangriker is as sy reputasie. Juis op daardie tydstip besluit Rut om ‘n blaaskansie te neem. Dit is vir Boas die teken, en daarmee stap hy oor na Rut, waar sy haar onder ‘n boompie neervly om te rus. Hy wil beslis gaan kennis maak met hierdie brawe meisie. Hy wil uitvind wat haar hierdie radikale besluit laat neem het om alles in haar land op te offer om saam met haar skoonma na Judea te kom.

Boas besef maar al te goed dat hy nie te veel

aandag aan haar durf gee nie, want dit is nie betaamlik vir ‘n Joodse man, veral nie ‘n gesiene grondeienaar soos hy, om gesprekke te voer met ‘n heidense meisie nie. Hy beter hierdie eerste ontmoeting maar baie saaklik hou en so min as moontlik praat.

“Ek verstaan jy is Naomi se skoondogter, ek is Boas.”

Rut kan nie glo dat so ‘n vername Jood soos Boas in haar sou belangstel nie. Waarom doen hy al die moeite om met haar te kom gesels? Vinnig spring sy op en sy buig haar kop nederig soos sy geleer is om te doen vir vername mense.

“Luister Rut, die lewe hier rond is hard! Jy het seker al agtergekom dat die Jode jou nie maklik aanvaar nie. Ek wil jou goeie raad gee: moenie na ander se landerye gaan nie, want daar gaan jy moeilikheid kry. Bly net hier in my landery. Ek ken vir Naomi baie goed, so jy is baie welkom om elke dag hier graan op te tel vir julle.”

Rut is baie dankbaar, want nou is dit nie net die voorman wat toestemming gee nie, maar die eienaar wat persoonlik sy toestemming gee dat sy hier kan gars optel. “Baie dankie!” prewel sy nederig, sonder om haar oë te lig.

Boas wil omdraai en wegstap, maar dan tref ‘n ander gedagte hom, en hy draai weer terug na haar. “En as jy dors het - drink gerus van die water wat die snyers saamgebring het. En moenie bekommerd wees oor die manne nie, my werksmense sal jou nie lastig val nie. Ek het vir hulle gesê om jou met rus te laat.” Boas glimlag gerusstellend vir Rut om haar op haar gemak te stel, want hy kan sien hoe senuweeagtig sy is. Daarmee draai hy om en stap weg.

Rut se hart bokspring van pure blydskap. “Waarom is almal so goed vir my?” wonder sy. “Wat het ek gedoen om dit te verdien? Ek is maar net ‘n Moabitiese meisie in ‘n vreemde land, en die mense aanvaar my nie alleen nie, maar hulle gee om vir my, hulle is goed vir my!”

Sy staan Boas peinsend en agternakyk terwyl hy flink wegstap na sy werkers toe. “Wat ‘n wonderlike man! Sjoe, as ek en hy darem…….” Sy bloos bloedrooi by die blote gedagte dat Boas enigsins in haar as vrou sou belangstel. “Nee, dit kan mos nie!” betig sy haarself. Waarom sou iemand van sy statuur nou in ‘n eenvoudige heidense meisie belangstel? Sy is beslis nie goed genoeg vir hom nie! Boonop weet sy dat die Jode so streng is oor hulle Godsdiens, en alhoewel sy hierdie geloof aanvaar het, weet sy so bitter min daarvan. Sy het nog só baie om te leer! Sy het nou maar pas begin!

‘n Wonderlike verhaal, dié van Rut. Maar dit is ook my verhaal en dalk joune ook. Nes Rut, het ek so dikwels gewonder waarom die Here dan so goed is vir my? Ek verdien dit beslis nie! As ek terugdink oor my lewe, dan sien ek strepe lelike dinge wat deel was van my lewe. My sondes is etlike boekdele dik opgeskryf. Maar natúúrlik weet ek mos dat dit alles reeds vergewe is. Die Here het my mos verseker in die talle beloftes in Sy Woord dat

Hy my vergewe het vir alles wat ek gedoen het.

Maar wat van my huidige lewe? Is my lewe werklik goed genoeg om Hom te behaag? Kyk ek na sommige ander mense wat ‘n lewe het wat so wonderlik naby aan God is, dan kry ek skaam. En my kennis van Hom en Sy Woord is so bitter karig! Sal Hy ooit in my, nietige mens belangstel? Soms wil ek wegkrimp in die aarde in!

Maar dan hoor ek hoe Jesus se hart lyk. Hy gesels intiem en met groot geduld en deernis met ‘n vrou daar by die put, iemand wat gehaat is deur die Jode en geminag deur haar eie mense. Hy hou ‘n feesmaal saam met die skuim van die aarde, en Hy stel intens belang in hierdie gure manne. Hy gee die ewige lewe aan ‘n moordenaar wat besig is om te sterf aan ‘n kruis.

Natúúrlik is ek dan óók vir Hom belangrik. Hy gee ook nét so om vir my. Ek is immers Sy kind, en Hy is baie lief vir my!

**Gebed:**

**Here, ek kan elke dag maar net sê: "Dankie, dankie, dankie!" U genade vir my is onverstaanbaar. Ek het niks gedoen wat dit ooit kon verdien nie.**

# Waarom is Hy so Goed vir My?

# Rut 2:10-18

## Oudio

Die mooi jong meisie op die lande, die Moabiet, sy bly in Boas se gedagtes wanneer hy laatmiddag na Betlehem terugstap. Terug by sy ruim woning span hy uit op die koel dak, na ‘n harde dag in die son. “Vertel my van Rut”, vra hy vir ‘n diensmeisie wanneer sy vir hom ‘n beker water bring.

Sy kyk hom betekenisvol aan: “Meneer bedoel seker Naomi se skoondogter? Ja, die hele dorp gons oor haar Meneer! Sy het sékerlik baie meer moed as verstand. Waarom sou ‘n Moabitiese meisie nou na hierdie plek toe kom om hier verneder te word deur almal? Ek kry haar so jammer Meneer.” Die diensmeisie babbel aanmekaar en Boas voel amper spyt dat hy haar die vraag gevra het.

“Meneer, sy mag dalk ‘n Moabiet wees, maar sy versorg haar skoonma so goed. Sy dra

haar letterlik op die hande! En sy is ook nie bang vir harde werk nie! Meneer stel nie dalk in haar belang nie? Haai nee meneer, sy is dan ’n heiden! Dit kan mos nie Meneer!”

Boas lag vir die diensmeisie se afleidings. “Nee, ek wou maar net weet van haar!” Sy slaak ‘n sug van verligting. Dit sou darem die skandaal van die jaar wees as die gesiene Boas met ‘n heidense vrou moes afhaak! Maar iewers in Boas is daar tóg iets wat sy hart net vinniger laat klop wanneer hy daardie meisie se pragtige, liefdevolle oë in sy gedagtes sien.

Die volgende oggend is Boas sommer al vroeg in sy landerye. Sy oë soek die Moabitiese meisie. Na wat hy alles van haar gehoor het, het hy nou ‘n groot bewondering vir haar moed en haar toewyding en haar liefde vir haar skoonma. Die voorman het vanoggend ‘n lang asem as hy allerhande dinge met Boas wil bespreek, maar hy sien baie gou dat Boas se gedagtes gladnie met hom is nie. Anders as gewoonlik, hoor Boas nie eers wat hy sê nie - hy is duidelik op ‘n

ander planeet!

Boas gaan stap tussen die werkers deur en groet elkeen persoonlik en verneem na hulle welstand. Maar ongemerk mik hy in Rut se rigting. Wanneer hy by haar kom, buig sy diep voor hom. Sy kan maar nie verstaan dat hy, ‘n gesiene Israeliet, so goed vir haar kan wees nie. Sy het niks gedoen om dit te verdien nie. “Meneer, waarom is u so goed vir my?” wil sy weet, “Ek is maar net ‘n buitelander sonder enige regte of status?”

Dan antwoord Boas haar: “Ek weet van alles wat jy vir jou skoonma gedoen het, ek weet hoe goed jy vir haar is. Mag die Here jou beloon vir alles wat jy gedoen het.” Boas kan nie help om haar te bewonder nie, want die diensmeisie het hom ook vertel dat Rut haar gode opgegee het en dat sy nou die enigste ware God aanbid! “Ek verneem dat jy onder die vleuels van die God van Israel kom skuil het - Hy sal jou ryklik seën!”

Vir Rut is Boas se woorde soos die lafenis van ‘n koel fontein: “Meneer, u laat my so

goed voel, en ek is nie eers een van u slavinne nie!”

Boas moet homself wegskeur van hierdie meisie af. Hy vat ‘n sekel en begin saam met die manne graan afsny. ‘n Warboel gedagtes maal deur sy kop. Hy kan dit steeds nie verstaan nie. En waarom het hy skielik hierdie aangetrokkenheid tot die heidense meisie?

Wanneer middagete aanbreek, soek die snyers die skadu van ‘n eensame boom op saam met Boas. Rut wou nog mik vir die skadukolletjie, maar toe sy die manne daar sien, besluit sy om eerder in die warm son te gaan sit en ontspan. Maar Boas roep haar nader: “Kom sit hier saam met ons! Hier is genoeg brood vir jou ook, en ons het juis vandag ‘n heerlike wynsous om die brood in te doop.” So lekker het Rut lanklaas gëeet. Die gebraaide koring - sy kon haar vingers afeet. Boas het gesien hoe sy daaraan smul, en toe gee hy haar dit wat oorbly om saam te vat huistoe.

Wanneer Rut terug stap na haar kolletjie waar sy are optel, roep Boas gou die manne bymekaar: “Ek voel bitter jammer vir daardie meisie”, fluister hy vir hulle, “Laat maar ekstra are val, en moet asseblief niks vir haar sê as sy dit optel nie - maak of julle dit nie raaksien nie!” Die manne knik hulle koppe betekenisvol - hulle verstaan maar al te goed......

Laatmiddag stap Rut met ‘n jubeling in die hart huistoe. Sy kan nie wág om vir Naomi alles te gaan vertel nie. Vanmiddag dra sy swaar, ‘n volle dertien kilogram graan het sy bymekaar gemaak, genoeg om hulle twee vir ‘n lang tyd aan die lewe te hou. “Die God van Israel is wonderlik!” borrel dit in haar.

Ek en jy kan ook soos Rut maar net jubel dat die Here so onverstaanbaar goed is vir ons. Wat het ons gedoen om dit alles te verdien? Alles, alles is genade! Vanoggend voel ek ook soos Rut, want ek kan net eenvoudig nie verstaan waarom Jesus vir my sondes betaal het nie. Ek kan dit maar net in groot, groot dankbaarheid aanvaar.

**Gebed:**

**Here, dankie, dankie, dankie! Ek dink weer aan die prys wat U vir my betaal het aan die kruis, die verskrikking waardeur U moes gaan om te betaal vir my sondes. Ek het net eenvoudig nie woorde om genoeg dankie te sê nie.**

# Rut is Opgewonde!

## Rut 2:17-19

## <u>Oudio</u>

Die stowwerige paadjie terug na Betlehem is daardie middag vir Rut gans te lank. Sy kan nie wág om by die huis te kom om vir Naomi alles te vertel nie! Vanmiddag het sy haar hande behóórlik vol, dis die geurige gebraaide rys wat oorgebly het, 'n fles wynsous, en op haar skouers balanseer sy die swaar sak graan wat sy die dag opgetel het.

Rut voel skaars die swaar sak op haar skouers as sy die laaste ent na Betlehem hardloop. Vir die mense wat haar aanstaar, lag sy en groet hulle met 'n vrolike "Shalom!" Die vroue skud die kop meewarig as hulle haar agterna staar. "Wat het sy tog om oor te lag en vrolik te wees? Arme ding!"

By die huis is Naomi besig om aandete voor te berei. Sy bak 'n garsbroodjie van die graan wat Rut die vorige dag daar aangebring het.

Sy sien vir Rut daar onder in die stofstraatjie aangehuppel kom, en van ver af sien sy sommer dat daar iets groot gebeur het in haar liewe skoondogter se lewe. Dit huppel en dans en lag wanneer sy die nou straatjie afkom. Naomi glimlag betekenisvol - hier kom ‘n ding!

“Mamma, bêre maar die broodjie vir môre - ek het vir ons aandete saamgebring: heerlike gebraaide koring en ‘n lekker wynsousie daarby!”

Naomi probeer haar ongeërg hou, sy maak asof sy gladnie Rut se opgewondenheid opmerk nie. Baie sedig vra sy: “En waar het jy vandag graan opgetel? Het dit darem beter gegaan vandag?” Sy maak asof sy nie dwarsdeur alles kan sien nie, maar sy bars van opgewondenheid want die vrolike Rut van ouds is weer terug. Naomi brand van nuuskierigheid, maar sy hou haar in, want sy wil dit uit Rut se eie mond hoor.

“Ek was by Boas se landerye,” straal Rut, en Naomi kan sommer sien dat hier iets baie

groter agter haar antwoord skuil. Dan borrel Rut in ‘n stortvloed van woorde, en sy vertel van hierdie wonderlike man wat haar selfs uitgenooi het om saam met hom middagete te kom nuttig, en hy het vir haar kos saamgegee om huistoe te neem, en watter wonderlike baas is hy vir sy werksmense, en hy werk net so hard as hulle, en hy is so gaaf en hy............ Naomi se ore tuit behóórlik as Rut voortbabbel sonder om asem te skep. Maar intussen wil sy bars van opgewondenheid en blydskap.

“Vertel my asseblief meer van Boas,” por Rut haar skoonma, “hy het gesê dat ek saam met sy werkers moet bly totdat die oes klaar afgehaal is. Ek verstaan gladnie, hy is nie soos die ander grondeienaars nie. Hy wéét tog dat ek ‘n Moabiet is, maar dit lyk asof dit hom gladnie pla nie. Wat is dit wat hom anders maak? Waarom is hy so goed vir my?”

Naomi se kop draai, Rut vra twintig vrae gelyk, en sy kan mos net een op ‘n slag antwoord! “Rut, jy moet verstaan dat die

familiebande in Israel ‘n baie ingewikkelde ding is, en dat dit ‘n geweldige belangrike deel van ons hele menswees is. Familie staan deur dik en dun bymekaar. Die band wat families aanmekaar bind, is ‘n baie sterk band.”

Sy gaan voort om te verduidelik dat familie nie maar slegs ‘n pa en ma en kinders is nie, maar dit sluit al die neefs en niggies en ooms en tantes in om ‘n groot, uitgebreide “gesin” te vorm. En hierdie gesin sorg vir mekaar sodat niemand ooit gebrek lei nie. Maar dit gaan ook verder, want die verskillende stamme van Israel is afstammelinge van die twaalf seuns van Jakob. So is Juda byvoorbeeld ook eintlik een reuse gesin, dus staan hulle ook almal bymekaar.

“In teorie moet almal dus na mekaar omsien, en selfs ook weduwees sal versorg wees, want die uitgebreide gesin, oftewel die hele gemeenskap moet help om hulle te versorg. Maar omdat mense maar feilbare mense is, werk dit in die praktyk nie altyd so nie,” verduidelik Naomi. “Daarom moes Moses

ander planne in werking stel om te sorg dat weduwees nie in ellende verval nie."

Sedert Rut se tyd, het alles nog verder agteruit gegaan, en vandag het die familiebande in meeste gevalle totaal verkrummel. Families gee nie meer vir mekaar om nie, en dikwels word 'n "afvallige" familielid totaal uitgesmyt. Kinders vergeet selfs totaal van hulle ouers. Oumense word nie meer deur kinders versorg nie, en hulle beland in ouetehuise, waar hulle dikwels heeltemal vergeet word en totaal vereensaam. Dikwels moet sulke oumense in haglike omstandighede op 'n karige pensioentjie probeer oorleef.

Ek en jy wys verniet vinger na sulke kinders! Onthou, omdat ons gelowiges almal kinders van God is, maak dit ons bloedfamilie van mekaar! Daardie eensame ou tannie is dus ook bloedfamilie van my, en dit is my plig om haar ten minste 'n bietjie liefde en aandag te gee. Vrolik haar dag op deur 'n paar mense bymekaar te maak en vir die eensames in die ouetehuis te gaan kuier. Vat 'n kitaar saam,

en sing lekker-onthou liedjies saam met hulle. Vat koekies saam en hou lekker partytjie. Kom ons gee weer nuwe hoop vir die oumensies wat al alle hoop verloor het.

**Gebed:**

**Here, ons staan almal skuldig, want ons vergeet gerieflikheidshalwe van die bejaardes. Vergewe ons, en gee ons die ywer om na hulle om te sien.**

# My Losser

# Rut 2:20-23

## Oudio

Naomi verduidelik vir Rut dat mense baie maklik vergeet van hulle familie verantwoordelikhede, en dan is dit veral die weduwees wat daaronder ly.

“Daarom is een van die voorskrifte van Moses dat daar ‘n ‘losser-stelsel’ moet wees. Boas is juis een van ons lossers.”

Daar is ‘n groot vraagteken op Rut se gesig: “Losser? Wat is dit?”

Dan verduidelik Naomi: “‘n Losser het eintlik verskeie pligte binne die familiekring. Een van sy pligte is as ’n familielid byvoorbeeld in ‘n ongeluk sou omkom as gevolg van iemand se nalatigheid, dan moet hy sorg dat die familielid se dood gewreek word.”

Rut trek ‘n suur gesig: “Wat het dit dan met ons situasie uit te waaie?”

“Wag Rut, dis maar slegs één van baie pligte. Verder, as ‘n familielid op die een of ander manier ‘n slaaf word, dan is dit ook die losser se plig om die slaaf los te koop. Dit kan so maklik gebeur dat jy ‘n slaaf word.  As jy te diep in die skuld raak, en nie meer kan betaal nie, kan jou skuldeiser jou verkoop as slaaf om sy skuld te kry!”

Maar Rut verstaan nog steeds nie wat dit met hulle twee te doen het nie. “Rut, as ‘n familielid sou sterf, moet die losser sorg dat die persoon se grond binne die familie bly. En as daar nog nie kinders uit die huwelik gebore is nie, is dit selfs sy plig om met die weduwee te trou en by haar kinders te verwek sodat die familienaam kan voortleef.”

Rut bloos bloedrooi. En dan besef sy skielik met ‘n skok dat Naomi mos eintlik die weduwee in die familie is. As Boas dan die familie-losser is, dan beteken dit dat hy met Naomi moet trou! “Ma.....?” begin sy, maar Naomi sien sommer dadelik waarop Rut se vraag wil afstuur.

“Rut, jy is nou onlosmaaklik deel van die familie. Ek is al te oud om kinders te kry, so dit sal nie help dat hy met my trou nie. Jy is nou die volgende skakel in ons familie, want alhoewel jy van ‘n ander land is, was jy met jou oorlede skoonpa se seun getroud. Jy is dus die een wat Pa Elimeleg se familienaam moet voortdra!”

Rut se oë rek groot, en haar hart klop in haar keel. Skielik sit sy met ‘n baie groter verantwoordelikheid op haar skouers as wat sy besef het.

“Maar daar is ‘n probleempie, Rut. Boas is nie die enigste losser in ons familie nie. Daar is ook nog ‘n ander jong man. En ek het al klaar gesien hoe hy met begerige oë na jou kyk. Hy is nou wel familie, maar ek dink nie dat julle twee ooit bymekaar gaan pas nie.”

Naomi besef maar al te deeglik dat Rut haar kaarte mooi sal moet speel. “Boas,” dink Naomi, en daar speel ‘n glimlag om haar mondhoeke, “Boas sal die ideale man vir Rut wees. Maar ek sal nog hard moet werk aan

‘n plan om die tweetjies bymekaar te kry! En dan is daar nog die probleem van daardie ander jong losser wat sy flikkers so vir Rut gooi! Hoe raak mens van hom ontslae?”

Die volgende paar weke is Rut elke dag dou-voor-dag op om in Boas se landerye te gaan graan optel. Met groot tevredenheid sien sy hoe hulle voorraad graan daagliks aangroei. Daar is sekerlik al genoeg om haar en Naomi deur te sien tot die volgende oestyd. Maar steeds gaan sy terug, want op die land is daar ‘n groot trekpleister. Sy hoop maar net elke keer om vir Boas te siene te kry. Wanneer hy die dag nie daar is nie, is haar dag nie volmaak nie. Hoe sien sy nie uit na elke dag nie! Rut is stralend!

Ongelukkig vir haar, breek daar ‘n dag aan wat die laaste gerwe by Boas se landerye uitgedra word. Daardie volgende dag sug Rut swaar. Daar is ‘n leegheid in haar. Wat nou? Wat gaan sy nou doen? Hoe gaan sy óóit die dae omkry sonder daardie heerlike tye saam met Boas en sy werkers?

Is daar ook Iemand in jou lewe wat jou so borrelend opgewonde maak? Nee, ek bedoel nie daardie aantreklike man of beeldskone meisie nie. Ek praat eintlik van Jesus. Is jy ook gretig om die dag saam met Hom te begin? Is daar by jou die onblusbare begeerte om die hele dag saam met Hom deur te bring? My dag is leeg as ek Hom nie kan sien nie, of die hele tyd bewus is van Sy teenwoordigheid in my lewe nie. Om maar net met Hom te kan praat en vir Hom te vertel van die vreugdes en vrese in my lewe, en om die sagte fluistering van Sy stem te kan hoor, wanneer Hy my verseker: “Moenie bekommerd wees nie My kind, Ek is by jou - Ek hou jou hand styf vas.”

Jy hoef nooit óóit alleen of eensaam te voel nie, want in Matt. 28 het Jesus ons die versekering, die belofte gegee: “Onthou: Ek is by julle al die dae, tot die voleinding van die wêreld.” Hy is dus nou hier by my waar ek sit en werk of waar ek alleen in ‘n ouetehuis sit. Ek hoef dus nooit weer eensaam te wees nie. Jesus is te alle tye

langs my. En ek kan selfs met Hom gesels!

**Gebed:**

**Here Jesus, baie dankie dat ek vandag kan weet dat daar nooit 'n einde sal kom aan U teenwoordigheid by my nie - dat U altyd by my is, tot aan die voleinding van die tyd.**

# Vertroue

# Rut 3:1-4

## Oudio

Naomi wil bars van opgewondenheid, want sy sien duidelik hoe haar plan om Rut en Boas bymekaar te kry begin werk. Die stukkies van die legkaart is besig om een-vir-een in mekaar te haak. Maar sy besef ook baie deeglik dat die stryd nog baie ver van gewonne is. Sy verlang met 'n seer hart om ook 'n nageslag van haar eie te kon hê. Sy beny die ander oumas met kleinkinders wat rondom hulle dans. Hoe smag sy na die vrolike stemmetjies van kinders! Dat Rut 'n Moabitiese meisie is, en dat sy maar net Naomi se "gewese" skoondogter is, maak lankal nie meer saak nie. Hierdie dierbare meisiekind het baie diep in haar hart ingekruip. Sy is nou haar eie, éie dogter!

Maar dit gaan egter vir Naomi nie net oor 'n nageslag nie. Sy sal ook alles in haar vermoë doen om te sorg dat Rut goed versorg is en

dat sy ‘n goeie man kry. En wie is daar nou beter in die ganse Israel as juis Boas! Nou sal sy haar beplanning baie deeglik moet doen, tot in die fynste besonderhede om die plan te maak werk.

Naomi sug swaar - oestyd is nou iets van die verlede! Daarmee saam is hierdie ontmoetings tussen Rut en Boas natuurlik ook iets van die verlede. Maar Naomi het ‘n troefkaart. Sy het nog één laaste kans, en sy beter dit nie laat verbygaan nie. Dis dorstyd! Die oes is klaar van die lande af, en dit beteken dat die gars nou op die dorsvloer verwerk moet word om die graankorrel uit die are te kry. Nou ken sy ook mos vir Boas. Hy gaan baie beslis nie by die huis sit en ginnegaap terwyl sy arbeiders die dorswerk doen nie! Boas gaan daar saam met hulle op die dorsvloer wees, en hy gaan saam met sy werkers swoeg om die graan te wan. Dis harde werk daardie, en die manne kom saans nie eers huistoe nie, hulle slaap sommer daar op die dorsvloer.

Nou reken Naomi dat hierdie mos die ideale

geleentheid is vir  Rut om vir Boas te “vang”. Naomi lag vir haar eie gedagte, want dit klink beslis baie kras, maar dit is presies wat dit is! Rut moet hom letterlik gaan vang! Maar hoe?

Die hele nag lê Naomi en worstel. Sê nou net iets loop skeef. Rut se goeie reputasie wat sy oor die afgelope ruk opgebou het, is op die spel. Sy het al diep in almal se harte ingekruip, en al die vroue praat net met groot lof van Rut, ten spyte daarvan dat sy ‘n Moabiet is. As iets verkeerd loop, is haar mooi reputasie daarmee heen en al haar harde werk puur verniet. Sy sal uitgekryt word vir ‘n slet!

“Here, God van Abraham en Isak en Jakob, en óók God van Ragab die prostituut, gee my asseblief wysheid om ‘n plan uit te werk,” bid sy, terwyl die trane oor haar wange loop. “U het vir Ragab bewaar toe Jerigo se mure geval het, en U het haar een van ons volk gemaak. Vir U is niks onmoontlik nie! Bewaar asseblief vir Rut! En gee dat Boas reg sal besluit.” En so as ‘n nagedagte bid sy: “Here, ek laat alles in U bekwame hande. My

vertroue is in U alleen!" Ek skielik weet Naomi presies wat haar te doen staan.

Wanneer die eerste haan kraai, skud Naomi haar skoondogter wakker. Rut sien sommer dadelik dat Skoonma vanoggend 'n baie groot ding op die hart het. "Rut, jy moet nou baie mooi luister na wat ek vir jou wil sê. Dit is van lewensbelang!"

Rut se hart klop in haar keel. Iets verskriklik moet verkeerd wees as Naomi só ernstig is so vroeg in die more. "Ma…..?"

Maar sy kry nie eers haar vraag gevra nie. "Jy moet my opdrag uitvoer tot in die fynste besonderheid, want as dinge skeefloop, dan is al ons kanse daarmee heen!" stoomroller Naomi voort.

Rut het 'n groot vraagteken op haar gesig - hier kom ernstige sake! Sy kry eintlik sommer 'n knop op haar maag. "Rut, ek het jou vertel dat Boas familie is en dat hy een van ons lossers is. Vandag gaan hulle sy graan dors, en Boas gaan natuurlik ook op die dorsvloer

wees. Vandag moet jy die knoop gaan deurhaak! Vandag is die dag dat jy gaan sorg dat Boas jou sal wil hê as sy vrou!"

Dikwels gebeur dit dat daar situasies in jou lewe kom, waarvoor jy net géén raad het nie. Jou eerste reaksie is om te stres daaroor. Bekommernis kom sit op die krop van jou maag totdat jy voel asof jy 'n maagsweer ontwikkel. Dan begin jy allerhande plannetjies maak, maar wátter kant toe jy ookal beplan, dit raak net erger en erger! O ja, ek was al in sulke situasies, en glo my: dis bitter moeilik!

Die antwoord is eenvoudig. Raak rustig en stel jou volle vertroue in die Here alleen. Bid dan en vertel Hom wat jou bekommernis en angs is. Sê dan vir Hom dat jy glo dat Hy in volle beheer is, en dat jy die situasie waarin jy verkeer aanvaar. Sê ook vir Hom dat jy Hom ten volle vertrou om elke tree deur hierdie situasie saam met jou te stap en jou hand vas te hou. Vra Hom dan om jou geloofs-ore oop te maak sodat jy Sy stem sal herken wanneer Hy jou 'n opdrag gee, en dat

Hy jou die wysheid en moed sal gee om Sy opdrag uit te voer. Dan moet jy net geduldig vertrou!

**Gebed:**

**Here, ek is dikwels so ongeduldig, en ek wil dinge op my eie manier doen. Gee my asseblief volle vertroue in U alleen, en geduld om op U te wa**g.

# Moeilike Opdrag

## Rut 3:1-5

## Oudio

Rut kry so ‘n benoude gevoel op haar maag wanneer Naomi haar baie vroeg die oggend wakker skud. Naomi het al vir haar vertel dat Boas familie is en dat hy hulle losser is. Nou wonder Rut waarom Naomi haar kom wakker maak en op haar nugter maag weer daaraan kom herinner. Maar sy sien sommer dadelik dat haar skoonma vandag op ‘n ernstige missie is.

“Boas en sy werkers gaan vandag gars dors op die dorsvloer. Vanaand is jou kans om te sorg dat hy met jou sal móét trou!”

Rut se hart klop in haar keel, dit is sowaar baie erger as wat sy gedink het. “Ek kan dit mos nie doen nie?” wil sy vir Naomi sê, maar die woorde kan nie eers oor haar lippe kom nie. “Ek ken die man skaars, en ek is dan ‘n Moabiet! En boonop, die vriendskap wat hy aan my bewys het - hy is maar met almal so

vriendelik......”

“Rut, gaan was jou en maak vir jou mooi. En trek jou mooiste klere aan. En dan gaan jy na die dorsvloer toe.” Rut wil nog probeer protesteer, maar Naomi het klaar besluit, en Rut kan sommer sien dat hierdie skoonma van haar vandag bitter ernstig is. Niks en niemand gaan haar van gedagte laat verander nie.

“Ma, wat presies moet ek daar by die dorsvloer gaan maak? En wat sê ek vir Boas wanneer ek daar kom? Dis mos ‘n plek vir die manne om te werk, en hulle sal beslis nie ‘n vrou daar wil hê wat in hulle pad is nie?”

Maar Naomi het ander planne. “Rut, jy sal niks vir Boas sê nie. Jy moet hóm die sêwerk laat doen!”

Rut is skoon bewerig van angs. Sy weet nie mooi van hierdie ding nie.  Maar sy sien klaar dat sy beslis nie vir Skoonma van plan sal laat verander nie.

“Rut, wanneer jy vanmiddag by die dorsvloer

kom, moet jy sorg dat Boas jou nie sien nie, want dan gaan dit ál die planne verongeluk. Jy moet hom dophou, en wanneer hulle ophou werk vir aandete, dan moet jy gereed staan."

"Moet ek dan by hom gaan sit en gesels, Ma?"

"Nee, beslis nie! Wag, laat ek klaar verduidelik. Almal gaan doodmoeg wees van die dag se harde werk, en ek dink hulle gaan sommer vroeg-vroeg al inkruip. As hulle dus klaar gëeet het en wyn gedrink het en vrolik is, gaan hy sékerlik vir hom 'n lêplekkie soek. En dan moet jy toeslaan!"

Nou is Rut éérs bekommerd, hierdie ding begin vir haar nagmerries gee! "Ma, hoe bedoel Ma nou dat ek moet toeslaan? Wat presies moet ek doen? Ek gaan hom tog nie verlei nie Ma? Ma kan dit nie van my verwag nie!"

"Nee, so erg is dit darem nie heeltemal nie," lag Naomi vir haar skoondogter se ongemak.

“Jy gaan kruip maar net ongemerk by sy voete in en dan lê jy daar. Dis al! Jy hoef niks verder te doen nie.”

Rut se mond hang oop, haar oë is gerek soos twee pierings. Haar mond is kurkdroog. “Moet ek dit rêrag doen?” wil sy vra, maar sy kry nie ‘n geluid uit nie. Rut het al die skinderstories gehoor oor die dinge wat op ‘n dorsvloer kan gebeur. “Sê nou net die mense dink dat ek en Boas.....” Sy maak haar oë toe. Sy wil nie eers dink aan die gevolge nie.

Dan ruk sy haarself reg. Vasberade kyk sy haar skoonma in die oë: “Ek sal dit doen Ma!”

Maar sy neem haarself terselfdertyd ook voor dat hierdie aand by Boas niks verder sal gaan as dat sy slegs by sy voete gaan lê, en haar Skoonma se opdrag uitvoer nie. Sy wil ‘n rein lewe lei en sy wil niemand anders in enige versoeking stel nie, veral nie die dierbare Boas nie.

Soms vra dit baie groot opofferinge van ons om te doen wat die Here van ons vra. Ons

reputasie kan selfs op die spel wees!

‘n Predikant vertel my eendag dat hulle as deel van hulle opleiding bordele in Durban moes gaan besoek om daar die evangelie te verkondig. Dit was vir hom ‘n bitter ongemaklike situasie om met die vroue van die nag te gesels onder verdagte omstandighede.

Jesus het egter die voorbeeld gestel deur Sy eie reputasie op die spel te plaas deur met ‘n Samaritaanse vrou te gesels, saam met die skuim van die aarde te eet en selfs deur die totaal onaanvaarbare te doen om aan melaatses te raak.

Jesus het nooit vir Sy dissipels beloof dat dit maklik sou wees om Hom te volg nie. Inteendeel, Hy het gewaarsku dat dit soms baie van hulle sou vra en dat hulle hande sou vuil word in die proses.

Vandag vra Hy ook van my en jou dat ons bereid moet wees om ons hande vuil te maak. Dat ons soms langs ‘n baie ongure

karakter sal moet gaan sit om oor Jesus te gesels. Dat ek soms dinge moet doen wat vir my bitter ongemaklik is, ter wille van die Koninkryk van God.

Die vraag is: Is ek en jy bereid om daardie opofferinge te maak?

**Gebed:**

**Here, maak my asseblief gewillig om te doen wat U van my vra, al lyk dit soms vir my na te veel gevra.**

# By die Dorsvloer

# Rut 3:6-9

## Oudio

Rut se bene bewe wanneer sy die huisie uitstap op pad na die dorsvloer. ‘n Heerlike geur van parfuum hang om haar, iets baie kosbaar wat Naomi diep uitgegrawe het. Sy het haar héél beste klere aan en sy voel baie goed. Maar vrees omklem haar hart. Sy weet gladnie wat om te verwag nie. “Here, God van Abraham en van Naomi,” bid sy terwyl sy bewerig die lang ent stap na Boas se dorsvloer, “vandag het ek U so bitter nodig. Bewaar my asseblief dat daar nie dinge gebeur waaroor ek later gaan spyt wees nie.”

Boas se dorsvloer is ‘n paar uur se stap, en vanoggend voel die pad vir Rut ekstra lank. ‘n Warboel gedagtes borrel deur haar gemoed. “Doen ek ooit die regte ding? Maar dis vir Naomi. Liewe Naomi! Hoeveel het daardie vrou nie vir my opgeoffer nie. Nee, ek moet net eenvoudig hiermee deurdruk!”

Sy het finaal haar besluit geneem, en nou stap sy sommer vinniger.

Wanneer Rut naby die dorsvloer kom, sien sy die reuse berg gerwe, en sy sien hoe hard die manne werk. Sy wil nader stap, maar dan bedwing sy haar. Sy durf nie haar teenwoordigheid weggee nie, want dan gaan sy alles bederf. Boas mag nie weet dat sy hier is nie! Haar oë soek vir Boas, en dan sien sy hom waar hy saam met die werkers swoeg om die graan van die kaf en stingels te skei. Harde werk! “Hier gaan hulle nog tot laatnag toe werk!” som Rut die situasie op, en dan sug sy swaar.

Die dag kruip harmansdrup-stadig verby. Maar met belangstelling sien sy hoedat die gerwe al minder raak en die hooimied al groter en groter. Wanneer dit al skemer is, besluit Boas dat dit tyd geword het om vir eers te staak. “Kêrels, môre is nog ‘n dag, dan kan ons klaarmaak. Ons slaap vannag sommer hier op die dorsvloer, dan kan ons more met dagbreek weer vroeg inspring.”

Boas het gesorg dat daar genoeg te ete is vir al die werkers, want jy kan mos nie op ‘n leë maag werk nie. En sonder ‘n sak wyn of wat kan dit mos maar koud raak hier in die veld. Rut se geduld word tot die uiterste beproef waar sy uit die donker die manne sit en dophou, waar hulle vrolik sing om ‘n vuurtjie. “Wanneer gaan hulle tog slaap?” wonder sy met ‘n swaar sug.

En dan dop die manne een-vir-een om. Rut se hart klop in haar keel as sy sien hoe Boas vir hom ‘n bed maak van strooi en onder die komberse inkruip. “Die oomblik van waarheid het aangebreek!” dink sy bewerig. Sy wil omdraai en wegvlug, die nag in, maar dan sien sy weer Naomi se gesig voor haar. Sy wag tot Boas behoorlik aan die slaap is, en dan sluip sy versigtig nader. Eintlik kon sy ook maar hard getrap het, die wyn laat die manne diep slaap.

Met bonsende hart lig Rut versigtig die komberse van Boas se voete af, en dan gaan kruip sy by sy voete onder die kombers in. Van slaap is daar géén sprake nie. “Wat

gaan gebeur wanneer Boas wakker word, en hy kry my hier?” Haar hart klop in haar keel van angs. Sy wil-wil koue voete kry en weghardloop, maar nou is dit te laat. Hier sal sy net eenvoudig moet bly lê totdat iets gebeur.

En dan gebeur dit: Skielik voel Rut ‘n beweging wanneer Boas hom omdraai. Hy voel die warmte by sy voete, en dan skrik Boas wawyd wakker. Sy hart klop in sy keel. “Wie sou nou by my wou kom inkruip? Die vermetelheid.....” wil hy dink. Hy probeer uitmaak wie by sy voete lê, maar al wat hy kan sien in die maanlig is dat dit ‘n vrou is. “Wie is jy?” vra hy vererg, “Wat maak jy hier?”

Rut is baie na aan trane as sy met ‘n stemmetjie wat wil-wil breek antwoord: “Dis ek, Rut, Naomi se dogter.” En dan kan sy dit nie meer hou nie, en die trane stroom vryelik. En so tussen die snikke deur smeek sy by hom: “Ek is van u afhanklik - u is my losser. Neem my asseblief onder u beskerming.”

Nou sit Boas regop. Skielik kry hy die arme meisie bitter jammer. Hy maak haar stil sodat die ander manne nie dalk wakker word nie, want dan kan dit beslis op ‘n skandaal uitloop, en dit is die laaste ding wat Boas wil hê. Oor homself is hy nie bekommerd nie, maar hierdie meisie se reputasie is op die spel. Hy bewonder haar moed. Maar wat staan hom nou te doen?

“Moenie bekommerd wees nie, Dogter,” fluister hy vir Rut. “Ek sal doen wat jy vra.”

Boas besef met ‘n skok dat Rut sal moet verdwyn voordat die manne wakker word. Maar sy kan nie nou in die pikdonker terugloop na Betlehem toe nie. Rut sal maar die nag hier by my voete moet slaap. Maar teen dagbreek beter sy weg wees!

Dikwels lees ons die Ou Testament met oogklappe. Ons ervaar die Here as ‘n God van oorlog. Maar is hierdie nie die mees romantiese verhaal wat jy al gelees het nie? En dit kom uit die hartjie van die Ou Testament. Hy is ‘n God van liefde, en hier

sien ons net weereens hoe wonderlik Sy liefde is, en nog al die jare was. Vandag is Sy liefde vir jou en my nog steeds net so wonderlik groot. Kyk verby al die sonde en goddeloosheid en swaarkry, en jy sien God se liefde bo alles uitstaan.

**Gebed:**

**Dankie Here, vir hierdie mooi verhaal van liefde, en dankie bo alles vir U liefde vir my.**

# Nag langs ‘n Hooimied

# Rut 3:10-18

## Oudio

Van slaap is daar vir Boas géén sprake nie. Toe hy vir Rut hier by sy voete ontdek, het hy ál die slaap uit hom weggeskrik. ’n Warboel gedagtes maal deur sy kop, wat moet hy tog doen? Hy hou baie van hierdie meisie, sy laat beslis sy hart vinniger klop. Maar daar is net eenvoudig te veel struikelblokke in die pad. Boas hoor Rut se rustige asemhaling. Hy voel die warmte van haar liggaam by sy voete. “Here, God van Abraham, Isak en Jakob, gee my asseblief wysheid om hierdie netelige saak te hanteer, en bewaar my asseblief dat ek nie verkeerde dinge aanvang nie.” bid hy baie ernstig. “Hoe kan ek óóit so ‘n moeilike saak aanpak sonder U? Hoe kan ek énige saak aanpak sonder U?” Boas bely daar op die dorsvloer dat sy enigste vertroue nog altyd in God was.

Boas voel hy kan sy tong afbyt oor die lomp

manier wat hy dinge gesê het toe hy vir Rut ontdek: “Mag die Here jou seën, my dogter.” het hy vir haar gesê. Ja, en toe vertel hy vir Rut dat sy agter ‘n jongman kon aanloop, of dalk iemand kry wat ryk is. Maar wat sy aan hom doen, is selfs nog beter as die wonderlike liefde wat sy aan Naomi bewys. “Ek kon dit soveel meer romanties gestel het!” dink hy. En dan nog boonop die belofte dat hy as haar losser sal optree.

Maar dan trek Boas se maag op ‘n knop - daar is ‘n ander aanspraakmaker op Rut, een wat nader familie is. Sê nou net die kêrel besluit om sy reg uit te oefen en vir Rut te vat? “Nee, dit sal nie deug nie!” sê Boas hardop, en dan skrik hy vir sy eie woorde. “Ek sal ‘n plan moet beraam! Rut het diep in my hart ingekruip, ek wil haar nie verloor nie. Daar moet ‘n manier wees!”

Iewers kraai ‘n haan, en dan besef Boas dat die dag binnekort gaan breek. Rut moet net eenvoudig hier wegkom voordat iemand haar sien. Saggies skud hy haar wakker. “Kom hier”, beduie hy vir haar, “gee my jou tjalie.”

Boas bind die tjalie in ‘n sak, en hy gooi hom tot oorlopens toe vol gars. Dan help hy vir Rut om dit op haar rug te laai. Stilletjies sluip sy van die dorsvloer af weg sodat sy niemand wakker maak nie.

Maar Boas is ook haastig, hy wil nie nog tyd mors nie. Hy moet sommer dadelik nog die wiel aan die rol sit, sommer vandag nog! Wanneer die manne teen dagbreek een-vir-een wakker word, ontdek hulle tot hulle verbasing dat Boas klaar weg is, terug na Betlehem. Vandag sal hulle maar moet dors sonder hom. “Waarom sou hy dan so vroeg al weg wees?” wonder hulle.

In Betlehem stap Naomi ongeduldig op en af. Sy het die hele nag nie ‘n oog toegemaak nie. Sy het heelnag lank gebid vir haar skoondogter. Wanneer sy iemand in die verte sien aangehardloop kom, weet sy sommer dat dit Rut is. Sy hardloop haar skoondogter tegemoet. Naomi kan bars van nuuskierigheid: “Vertel! Vertel!” por sy vir Rut aan, nog voordag die arme Rut haar asem kan terugkry. “Wat het gebeur? Toe, vertel

tog!”

Naomi merk nie eers die reuse sak gars waaraan Rut so swaar dra nie. By die huis gooi sy die sak verlig neer: “Van Boas af, Mamma, hy sê ek mag nie met leë hande hier by my skoonma aankom nie.”

Dan wéét Naomi, nog voordat Rut haar vertel wat gebeur het, en trane van dankbaarheid stroom oor haar wange. “Dankie Here!” prewel sy.

Wanneer hulle tot ruste kom, vertel Rut haar die hele verhaal, tot in die fynste detail. Naomi drink elke woord in, soos ‘n dorstige spons. Oopmond hang sy aan Rut se lippe wanneer Rut vertel hoe sy daar moes wegkruip sodat niemand haar sien nie. “Dit was so opwindend!” straal Rut, “maar teen laatmiddag was ek soos ‘n snaar gespan van spanning. Toe die son sak, en ek ruik die heerlike kos wat Boas vir sy manne gegee het, het my maag geskreeu van die honger, maar ek moes uithou. Ek was so verskriklik moeg van al die spanning. Maar ek het besef

dat as ek nou moed opgee, dan sou dit alles verniet wees."

Sy vertel vir Naomi hoe verskriklik bang sy was toe sy die kamp binnesluip, en hoe wild haar hart geklop het toe sy by Boas se voete inkruip. "Ek het net die hele tyd gebid, en dit is al wat my daar deur gedra het. En Boas - ek het veilig gevoel by hom! Hy het nooit probeer om die situasie uit te buit nie. Hy is so 'n dierbare man!" Rut bars in trane uit van pure verligting dat dit nou alles verby is.

"Rut, ek het elke oomblik van die nag vir jou gebid." troos Naomi, "en die Here was getrou, Hy het jou bewaar. Maar wag, jy sal sien, dinge gaan nou vinnig gebeur. Boas gaan beslis nie rus voordat die saak vandag nog afgehandel is nie!"

Ons verwag altyd die ergste wanneer so 'n moeilike situasie opduik - mense gee hulleself maar oor aan hulle drange. Beide Rut en Boas het bewys dat jy jouself kan beteuel. Menslik gesproke is dit nie moontlik nie, maar met die krag wat die Here jou gee,

is dit wél moontlik, en kan jy jou lewe skoon hou selfs onder die moeilikste omstandighede.

**Gebed:**

**Here, bewaar my asseblief elke oomblik van die dag, veral wanneer die duiwel listig is met versoekinge om my te probeer verlei.**

# Transaksie by die Stadspoort

# Rut 4:1-12

## Oudio

Na die nag op die dorsvloer, vertrek Boas baie haastig, kort op Rut se hakke na Betlehem. Hy wil géén tyd verspeel nie! Hy het alreeds die ontstellende nuus verneem dat die ander losser van plan is om sy reg uit te oefen om as losser op te tree vir Naomi, en dit moet hy ten alle koste verhoed. In Betlehem aangekom, gaan gesels Boas met 'n paar van sy vriende, almal gerespekteerde manne. "Ontmoet my by die stadspoort!" kommandeer hy hulle op.

"Wat sou Boas beplan?" wonder die manne, "Dit moet 'n baie ernstige saak wees as hy ons so dringend wil bymekaar roep!"

Betlehem se stadspoort is 'n miernes van bedrywigheid. Dit is die plek waar al die groot handelstransaksies plaasvind. Daar is genoeg ruimte vir vergaderings, en dit is ook hier waar die meeste groot besluite geneem

word. Daar drom altyd ‘n klomp mense by die stadspoort saam, want dit is immers die enigste plek waar mense deur kan beweeg na hulle landerye buite die stad. En juis om daardie rede besluit Boas om sy plan ten uitvoer te bring hier in die stadspoort. Hier sal hy Rut se voornemende losser ontmoet en met hom ‘n ooreenkoms aangaan. Hy sal sorg dat daar genoeg getuies is om die saak wettig te maak, en dat die kêrel nie later kan omdraai en die ooreenkoms nietig verklaar nie.

Tot op hierdie stadium was dit die vrouens wat al die inisiatief geneem het in die saak. Maar nou kan hulle ontspan. Hulle het immers bereik wat hulle wou, en nou is dit verder ‘n saak vir Boas en die manne.

Boas gaan sit in die stadspoort. Hy weet dat die ander losser nou enige oomblik hier moet verby na sy landerye, en dan sal hy hom konfronteer. Die ander manne kom ook nou een-vir-een daar aangestap. “Wat gaan aan Boas? Dit moet ‘n baie belangrike saak wees!” Maar Boas rep nie ‘n dooie woord oor

sy voornemens nie.

En dan kom die ander kêrel aangestap. Boas se hart klop in sy keel: “Here, gee my asseblief die wysheid om die saak reg te hanteer!” bid hy ernstig.

“Shalom!” groet Boas vriendelik en beduie vir hom dat hy ernstig met hom wil gesels. “Kom sit hier.”

Nou sit die ander manne regop. “Wat is hier aan die gang?” gons dit soos ‘n swerm bye tussen hulle.

“Jy is seker bewus daarvan dat Naomi die stuk grond wat aan haar oorlede man, Elimeleg behoort het, te koop aanbied. Natuurlik het jy die eerste aanspraak daarop, omdat jy haar naaste familie is. Ek het die manne bymekaar geroep sodat jy sommer nou hier die transaksie kan afhandel en die grond koop.”

Die man glimlag breed, so ‘n gelukkie kom nie aldag na ‘n man se kant toe nie.

“Jy weet natuurlik dat daar verantwoordelikheid saamkom met die transaksie? Jy sal as losser moet optree. Is jy bereid om dit te doen?”

“Ja, natuurlik!” antwoord hy “Natuurlik is ek bereid om haar losser te wees.”

Maar die volgende woorde van Boas gee hom tweede gedagtes: “O, daar is natuurlik ‘n lekker bonus wat hiermee saamgaan: wanneer jy die grond by Naomi koop, kry jy daardie Moabitiese meisie, Rut as vrou daarmee saam. Die grond moet mos in die familie bly, soos jy sékerlik bewus is.”

Hiervoor is die man beslis nie te vinde nie. Dit beteken dat sy eiendom in gevaar kan kom, en dit oor ‘n Moabitiese meisie. Nee, hierdie risiko kan hy beslis nie loop nie. En boonop sit hy dalk opgeskeep met ‘n vrou wat hy nie eers wil hê nie! Hy is spierwit in die gesig as hy dit uitstotter: “Ek dink nie ek kan as losser optree nie. Ek sal liewer nie hierdie transaksie aangaan nie.” En daarmee trek hy sy skoen uit en gee dit vir Boas. “Dé!

Vat my skoen. Dit is die kwitansie van ons transaksie! Ek is uit! Die grond is joune, as jy dit wil koop! Ek sien nie kans vir ‘n Moabiet nie!”

Boas glimlag tevrede: “Dankie, dankie Here!” jubel dit in sy hart. Dit gons behóórlik tussen die manne as Boas aankondig: “Julle is almal getuies van hierdie transaksie. Ek koop die grond van Naomi en ek aanvaar ook die verantwoordelikheid om as losser op te tree. Saam daarmee neem ek vir Rut, die weduwee van Maglon as my vrou. Die grond van die oorledene sal in sy familie bly en sy nagedagtenis sal nooit vergeet word nie.”

Die einde van die verhaal is dit baie beslis nie, hierdie is nog maar net die begin. Wanneer die manne hom gelukwens en uit sy sokkies uit seën, het Boas nie eers die vaagste idee van wat dit alles werklik beteken nie. In sy stoutste verwagtinge sou Boas nie kon droom dat uit hierdie huwelik die grootste koning in die geskiedenis van Israel, Dawid, gebore sou word nie. Maar nog véél meer, dat daar so pas nóg ‘n skakel

geskep is in die voorgeslag van die Messias, Jesus Christus.

**Gebed:**

**Here, ek staan elke dag maar net verstom wanneer ek sien hoe U voorsien en beplan. Ja Here, dan besef ek dat ek self ook deel van U wonderlike raadsplan is. Help my om uit te voer wat U vir my beplan.**

# Huwelik uit die Hemel

# Rut 4:13-22

## Oudio

Boas het met Rut getrou. Kort en kragtig gee die skrywer van die Rut-verhaal slegs die héél belangrikste feite. Maar moenie glo dat dit so eenvoudig gebeur het nie. Na die spanningsvolle nag op die dorsvloer en die onderhandelinge in die stadspoort, is al die spanning skielik verby. Die nuus versprei soos ‘n veldbrand, en nog lank voordat Boas by Rut kan uitkom om haar die jawoord te vra, weet sy én die hele Betlehem al dat hulle gaan afhaak!

Rut en Naomi het in spanning sit en wag om die uitkoms van die onderhandelinge te hoor, maar Boas was nog besig om die seëninge van sy vriende te kry, toe een van die vroue al by die twee aangehardloop kom: “Boas sê hy gaan met jou trou Rut!”

Rut en Naomi val mekaar om die nek en huil van blydskap. “Dankie Here, God wat

voorsien, U het weereens vir ons gesorg. U het voorsien waar alles onmoontlik gelyk het. Dankie Here, dankie!” Naomi is oorstelp van vreugde. Dit lag en dit huil, alles deurmekaar. Die vreugde is baie, baie groot.

Wanneer Boas uiteindelik daar aankom om vir Rut die nuus mee te deel, is hy teleurgesteld om te verneem dat sy al lankal weet. “Vroumense!” mompel hy, en dan lag hy, want wat anders moes hy verwag het?

Die hele Betlehem is in rep en roer - Boas en die pragtige Moabitiese meisie, Rut trou. Vir ‘n volle week lank word daar aanmekaar fees gevier en bruilof gehou. Boas is ‘n vermoënde man, en hy kan bekostig om sommer groot makitie te hou.

Nege maande was skaars verby, toe breek die tyd aan dat Rut en Boas se eersteling gebore moet word. Die skrywer van die Rut-verhaal stel dit duidelik en onomwonde: “Die Here het vir Rut swanger laat word.” Sulke dinge gebeur nie sommer net nie! Die hand van God word duidelik hierin erken. En

weereens is die hele Betlehem natuurlik in rep en roer. Die manne steur hulle nou nie juis aan sulke bog soos babas nie, maar onder die vroue gons dit behóórlik. “Gaan dit ‘n seuntjie wees?” Soos ‘n swerm bye koek hulle saam om die huis.

En dan kom die mooiste geluid wat die mens sekerlik nog ooit gehoor het - ‘n baba wat skreeu. “Dis ‘n seun!” skree die vroedvrou opgewonde vir die omstanders. “Dis ‘n gesonde seuntjie! Prys die grote Naam van die Here!”

“Alle lof aan die Here,” sê een van die vroue vir Naomi, wat wil bars van trots, “want Hy het vandag vir jou ‘n losser gegee.”

“Ja,” beaam ‘n ander vrou, “mag die losser se naam bekend wees in Israel.”

“En mag hy vir jou vreugde bring en jou op jou oudag versorg!” voeg ‘n ander haar stem by terwyl sy ‘n paar vrolike danspassies uitvoer.

“Naomi, daardie skoondogter van jou mag

dalk ‘n Moabiet wees, maar sy is vir jou meer werd as sewe seuns. Ons kan mos almal sien hoe lief sy jou het.” Naomi is baie aangedaan oor al hierdie aandag!

Terwyl Rut rus na die bevalling, bring die vroedvrou die klein bondeltjie vreugde vir Naomi, ten aanskoue van broeis vroue wat “Oeee” en Aaaah”. Trane van blydskap stroom oor haar wange as sy die brose baba op haar skoot neem. “Vandag neem ek jou aan as my eie kind!” hoor die vroue haar sê.

“Obed, so moet jy hom noem Naomi, Obed. ‘n Seun is vir Naomi gebore.” Die buurvroue het gespreek, en Naomi was tevrede.

En so kom die verhaal van Rut en Naomi tot ‘n einde. Maar tussen die begin en einde van hierdie kort verhaal, lê daar baie dinge opgesluit. Ons het gesien hoedat Naomi en Rut nie gaan stilsit het toe die ongeluk hulle tref nie. Ons het gesien hoe kreatief hulle te werk gegaan het en alles in die stryd gewerp het om die saak te beredder. Ons het gesien dat hulle selfs bereid was om groot risiko’s te

loop. En wanneer Boas in die prentjie kom, tree hy nét so kreatief op.

Maar tussen alles deur sien ons dat dit eintlik God is wat die oplossings gee en uiteindelik ook die nageslag gee. Regdeur die verhaal sien ons die hand van God.

Maar Rut se verhaal eindig eintlik gladnie hier nie. In ‘n naskrif sien ons ‘n kort geslagsregister. Klein Obed word jare later die pa van Isai. Isai se seun, Dawid word die grootste koning wat Israel ooit gehad het. Maar belangriker nog: 1200 jaar later word daar in dieselfde dorp waar klein Obed gebore is, Betlehem, wéér ’n Baba gebore. Hy is uit die nageslag van Dawid - Jesus die Messias! ‘n Moabitiese meisie uit ’n heidense land, wat nie deel van God se volk is nie, en wat eens deur die inwoners verwerp is, word opgeneem in die geslagslyn van Jesus. Rut se verhaal is dus waarlik die Huwelik uit die Hemel!

Vandag is die wonder dat ek en jy ook deel kan wees van Jesus se familie. Alles, alles is

genade!

**Gebed:**

**Here, dankie vir hierdie wonderlike verhaal van Rut en Naomi en van U groot genade.**

As hierdie boek vir jou van waarde was, oorweeg dan asseblief 'n donasie deur hierdie ZAPPER QR kode te gebruik.

Deel van die donasie gaan vir Bybelverspreiding.

MOSBOLLETJIE BOEKE

zapper™